

PERSEPSIES VAN OUERS AANGAANDE REGRESSIEWE GEDRAG BY DIE KLEUTER

deur

JACOLENE MATHILDA DU PLOOY

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir  
die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE  
(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV C VAN WYK

NOVEMBER 2007

Ek verklaar hiermee dat

## **PERSEPSIES VAN OUERS AANGAANDE REGRESSIEWE GEDRAG BY DIE KLEUTER**

my eie werk is en dat alle bronne wat gebruik of aangehaal is deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is.

Handtekening

Datum

---

Studentenommer: 33783454

## **Bedankings**

Heinrich, jy en Eben is my alles. Dankie dat jy altyd daar was, en is.

Mamma en Pappa dankie dat julle my liefhet, en deurgaans ondersteun.

Aan my skoonpa, dankie dat Pa altyd daar is om te help met Eben wanneer ek moet werk.

Aan die deelnemers van die fokusgroep, dankie dat julle 'n deel van julle lewe met my kon deel.

Aan Carlien van Wyk, baie dankie vir die hulp en leiding deurgaans.

Wat ek is, is net Genade.

## **Opsomming**

In hierdie kwalitatiewe studie is gefokus op die ouer se persepsies aangaande regressiewe gedrag by die kleuter. Vir die doel van hierdie studie verwys persepsies na beide die indrukke in die persoon se bewussyn sowel as die resultaat daarvan. Die navorsing het eerstens 'n konseptuele raamwerk opgestel vanuit bestaande literatuur en daarna is die empiriese studie uitgevoer. 'n Fokusgroep is saamgestel uit vier respondenten wat elk 'n kleuter of kleuters het wat reeds regressiewe gedrag getoon het. 'n Fokusgroepbespreking is gehou waar die ouers hul persepsies aangaande hul kleuters se regressiewe gedrag beskryf het. Met die toestemming van die fokusgroepdeelnemers is die gesprek met beide videoband en digitale opnemer opgeneem en getranskribeer. Vanuit die getranskribeerde data is herhalende temas geïdentifiseer, subtemas is daaronder gegroepeer en die data is met die literatuur gekontroleer. Kwalitatiewe data is verkry wat die navorsingsvraag beantwoord.

## **Sleutel terme**

Regressiewe gedrag, persepsies, kleuter, emosionele welsyn, ouerskapstyle, verdedigingsmeganisme, trauma, kwalitatief, fokusgroep

## **Summary**

The focus of this qualitative study was the perceptions of parents regarding their toddlers' regressive behaviour. For the purposes of this study the term perceptions relates to both the impressions in a persons' consciousness as well as the result thereof. The researcher compiled a conceptual framework from the existing literature and then carried out the empirical study. A focus group of four parents' whose toddler or toddlers showed regressive behavior at the time of the study was compiled. A focusgroup discussion was held where the parents described their perceptions of their toddlers' regressive behaviour. The focus group discussion was recorded both by video camera as well as a digital recorder with the consent of all focus group participants, after which it was transcribed. Recurring themes were identified from the transcribed data and verified with literature. Qualitative data were obtained that answered the research question.

## **Key terms**

Regressive behaviour, perceptions, toddler, emotional well-being, parenting styles, defence mechanism, trauma, qualitative, focus group

## INHOUDSOPGawe

HOOFSTUK 1 .....	1
INLEIDING TOT STUDIE .....	1
<b>1.1 INLEIDING .....</b>	<b>1</b>
<b>1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE EN PROBLEEMSTELLING .....</b>	<b>2</b>
<b>1.2.1 Verskillende manifestasies van regressiewe gedrag .....</b>	<b>6</b>
<i>1.2.1.1 Die gebruik en manifestasie van regressie binne die terapeutiese opset .....</i>	<i>6</i>
<i>1.2.1.2 Regressie weens traumatische gebeurtenis .....</i>	<i>7</i>
<i>1.2.1.3 Regressie by volwassenes .....</i>	<i>7</i>
<b>1.2.2 Resente navorsingstemas .....</b>	<b>7</b>
<i>1.2.2.1 Regressie by kleuters met outisme .....</i>	<i>8</i>
<i>1.2.2.2 Moeder se hantering van kleuter se gedrag .....</i>	<i>8</i>
<i>1.2.2.3 Regressie op ontwikkelingsvlak .....</i>	<i>8</i>
<i>1.2.2.4 Taalontwikkelingsprobleme .....</i>	<i>8</i>
<i>1.2.2.5 Verandering van dagsorg .....</i>	<i>9</i>
<i>1.2.2.6 Koms van nuwe baba .....</i>	<i>9</i>
<i>1.2.2.7 Riglyne van ouers .....</i>	<i>9</i>
<b>1.2.3 Doelstelling en doelwitte .....</b>	<b>10</b>
<b>1.3 NAVORSINGSBENADERING .....</b>	<b>11</b>
<b>1.3.1 Kwalitatiewe benadering .....</b>	<b>11</b>
<b>1.3.2 Soort navorsing .....</b>	<b>12</b>
<b>1.3.3 Navorsingstrategie .....</b>	<b>12</b>
<b>1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE .....</b>	<b>13</b>
<b>1.4.1 Konseptuele raamwerk .....</b>	<b>13</b>
<b>1.4.2 Steekproefneming .....</b>	<b>14</b>
<b>1.4.3 Deelnemerskriteria vir insluiting in die fokusgroep .....</b>	<b>15</b>
<b>1.4.4 Insameling van empiriese data .....</b>	<b>15</b>
<i>1.4.4.1 Die fokusgroep .....</i>	<i>15</i>
<i>1.4.4.2 Prosedure vir die fokusgroep .....</i>	<i>16</i>
<b>1.4.5 Data-analise .....</b>	<b>17</b>
<i>1.4.5.1 Beplanning ten opsigte van opneem van data .....</i>	<i>17</i>
<i>1.4.5.2 Data-insameling en voorlopige analise .....</i>	<i>17</i>
<i>1.4.5.3 Die bestuur en organisering van die data .....</i>	<i>17</i>

1.4.5.4 <i>Lees en notas maak</i> .....	18
1.4.5.5 <i>Generering van katogorieë, temas en patronen</i> .....	18
1.4.5.6 <i>Kodering van die data</i> .....	18
1.4.5.7 <i>Toetsing van die navorsers se begrip van die data</i> .....	18
1.4.5.8 <i>Die skryf van die verslag</i> .....	18
<b>1.5 ETIESE MAATREËLS</b> .....	<b>19</b>
1.5.1 <b>Vermyding van fisiese of emosionele skade</b> .....	19
1.5.2 <b>Ingeligte toestemming</b> .....	19
1.5.3 <b>Privaatheid en konfidensialiteit</b> .....	20
1.5.4 <b>Bevoegdheid van die navorsers</b> .....	20
1.5.5 <b>Weergee van die navorsingsbevindinge</b> .....	20
1.5.6 <b>Die navorsers se etiese kode</b> .....	21
<b>1.6 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE</b> .....	<b>21</b>
1.6.1 <b>Persepsie</b> .....	21
1.6.2 <b>Regressiewe gedrag</b> .....	22
1.6.3 <b>Kleuter</b> .....	22
<b>1.7 HOOFSTUKINDELING</b> .....	<b>22</b>
<b>1.8 SAMEVATTING</b> .....	23
 HOOFSTUK 2.....	 <b>25</b>
KONSEPTUELE RAAMWERK: DIE VOORKOMS VAN REGRESSIEWE GEDRAG BY DIE KLEUTER.....	<b>25</b>
<b>2.1 INLEIDING</b> .....	25
<b>2.2 TEORIEË AANGAANDE REGRESSIEWE GEDRAG</b> .....	26
<b>2.2.1 Klassieke teorieë oor regressie</b> .....	26
2.2.1.1 <i>Sigmund Freud en die psigoanaliste</i> .....	26
2.2.1.2 <i>Die bydrae van Carl Jung</i> .....	28
<b>2.2.2 Kontemporêre teorieë oor regressie</b> .....	28
2.2.2.1 <i>Regressie as hanteringsmeganisme</i> .....	29
2.2.2.2 <i>Seksuele misbruik en trauma</i> .....	30
<b>2.3 DIE ONTWIKKELINGSVLAK VAN DIE KLEUTER</b> .....	31
<b>2.3.1 Gesonde ontwikkeling</b> .....	32
<b>2.3.2 Piaget se pre-operasionele stadium</b> .....	33
<b>2.3.3 Die uitbreiding van Piaget se teorie deur Kohlberg</b> .....	33
<b>2.3.4 Erickson se stadium van inisiatief teenoor skuldgevoelens</b> .....	34

<b>2.4 DIE ROL VAN DIE OUER IN DIE VOORKOMS EN HANTERING VAN REGRESSIEWE GEDRAG BY DIE KLEUTER .....</b>	35
<b>2.4.1 Die veranderende gesig van die gesin .....</b>	35
<b>2.4.2 'n Nuwe aankomeling in die gesinsisteem.....</b>	36
<b>2.4.3 Ouerlike konflik .....</b>	37
<b>2.5 REGRESSIE EN BEHOEFTEBEVREDIGING .....</b>	37
<b>2.5.1 Veiligheidsbehoeftes .....</b>	39
<b>2.5.2 Die behoefte aan duidelike grense.....</b>	39
<b>2.5.3 Die behoefte om verandering te kan hanteer.....</b>	40
<b>2.5.4 Die behoefte aan affiliasie en liefde .....</b>	40
<b>2.5.5 Die behoefte om aanvaar te word .....</b>	40
<b>2.6 SAMEVATTING.....</b>	41
 HOOFSTUK 3.....	42
NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONTROLE .....	42
<b>3.1 INLEIDING .....</b>	42
<b>3.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE .....</b>	42
<b>3.3.1 Die beplanningsfase.....</b>	43
<i>3.3.1.1 Verfyning van die doelstelling van die navorsing .....</i>	43
<i>3.3.1.2 Die verkryging van die nodige toestemming .....</i>	43
<i>3.3.1.3 Die opstel van die tydlyn .....</i>	44
<i>3.3.1.4 Die identifisering van die deelnemers .....</i>	44
<i>3.3.1.5 Die opstel van die vrae vir die groep .....</i>	44
<b>3.3.2 Die werwing van die deelnemers .....</b>	45
<b>3.3.3 Die hou van die fokusgroep .....</b>	45
<b>3.3.4 Analisering en rapportering van data.....</b>	46
<i>3.3.4.1 Beplanning ten opsigte van die opneem van die data .....</i>	46
<i>3.3.4.2 Data-insameling en voorlopige analise.....</i>	46
<i>3.3.4.3 Die bestuur en organisering van die data .....</i>	47
<i>3.3.4.4 Lees en notas maak .....</i>	47
<i>3.3.4.5 Generering van kategorieë, temas en patronen.....</i>	47
<i>3.3.4.6 Kodering van data.....</i>	48
<i>3.3.4.7 Toetsing van die navorsers se begrip van die data.....</i>	48
<i>3.3.4.8 Soek na alternatiewe moontlikhede .....</i>	48
<i>3.3.4.9 Die skryf van die verslag .....</i>	49

<b>3.3.5 Biografiese data.....</b>	<b>49</b>
<b>3.3.6 Empiriese data: Persepsies van ouers aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag .....</b>	<b>50</b>
<b>3.3.6.1 Tema 1: Regressiewe gedrag is 'n respons van die kleuter op 'n traumatiese gebeurtenis .....</b>	<b>51</b>
<b>3.3.6.2 Tema 2: Die kleuter wat regresseer het 'n sekere motief.....</b>	<b>58</b>
<b>3.3.6.3 Tema 3: Die ouer speel 'n belangrike rol in die voorkoms van regressiewe gedrag.....</b>	<b>63</b>
<b>3.3.6.4 Tema 4: Regressiewe gedrag is nie altyd rede vir kommer by die ouer nie .....</b>	<b>67</b>
<b>3.3.6.5 Tema 5: Regressiewe gedrag is individu-, situasie- en omgewing- spesifiek .....</b>	<b>69</b>
<b>3.3.6.6 Tema 6: Regressiewe gedrag kan aanleiding gee tot verskeie emosies by die ouer .....</b>	<b>72</b>
<b>3.4 SAMEVATTING.....</b>	<b>77</b>
<b>HOOFSTUK 4.....</b>	<b>78</b>
<b>SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .....</b>	<b>78</b>
<b>4.1 INLEIDING .....</b>	<b>78</b>
<b>4.2 OORSIG OOR DIE NAVORSINGSPROSES .....</b>	<b>78</b>
<b>4.2.1 Die navorsingsvraag .....</b>	<b>78</b>
<b>4.2.2 Evaluering van die doelstelling en doelwitte van die studie .....</b>	<b>79</b>
<b>4.3 OORSIG OOR DIE NAVORSING .....</b>	<b>80</b>
<b>4.3.1 Hoofstuk 1 .....</b>	<b>81</b>
<b>4.3.2 Hoofstuk 2 .....</b>	<b>81</b>
<b>4.3.3 Hoofstuk 3 .....</b>	<b>82</b>
<b>4.4 GEVOLGTREKKINGS.....</b>	<b>82</b>
<b>4.4.1 Tema 1: Regressiewe gedrag is 'n respons van die kleuter op 'n traumatiese gebeurtenis .....</b>	<b>82</b>
<b>4.4.2 Tema 2: Die kleuter wat regresseer, het 'n sekere motief.....</b>	<b>83</b>
<b>4.4.3 Tema 3: Die ouer speel 'n belangrike rol in die voorkoms van regressiewe gedrag .....</b>	<b>83</b>
<b>4.4.4 Tema 4: Regressiewe gedrag is nie altyd rede vir kommer by die ouer nie .....</b>	<b>84</b>

4.4.5 Tema 5: Regressiewe gedrag is individu-, situasie- en omgewingspesifiek.....	84
4.4.6 Tema 6: Regressiewe gedrag kan aanleiding gee tot verskeie emosies by die ouer.....	85
4.5 AANBEVELINGS AAN OUERS VIR DIE HANTERING VAN REGRESSIEWE GEDRAG.....	85
4.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING.....	87
4.7 DIE TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE .....	88
4.8 GELDIGHEID.....	89
4.9 SAMEVATTING.....	90

#### LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 MASLOW SE HIËRARGIE VAN BEHOEFFTES.....	38
---	----

#### LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 DIE EGO-VERDEDIDINGSMEGANISMES.....	43
--	----

#### BRONNELYS

#### LYS VAN BYLAES

Bylaag 1
----------

## **HOOFSTUK 1**

### **INLEIDING TOT STUDIE**

#### **1.1 INLEIDING**

'n Vierjarige wat skielik weer duimsuig nadat sy dit op tweearige ouderdom afgeleer het. 'n Vyfjarige wat babataal met sy ma praat nadat hy sy knie oopgeval het. 'n Driejarige wat sy bed natmaak nadat 'n nuwe baba by die gesin gevoeg is. Laasgenoemde is almal voorbeeld van regressiewe gedrag, 'n fassinerende en universele verskynsel.

Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997:311) definieer regressie soos volg: " 'n Verdedigingsmeganisme, naamlik die terugkeer na gedragswyses wat met vroeë ontwikkelingstadia geassosieer is". Regressiewe gedrag verwys na gedrag wat toepaslik was vir die kind in 'n vorige ontwikkelingstadium maar nie meer is vir sy huidige ouderdom nie.

Regressiewe gedrag kom dikwels voor by die jong kind en in verskeie situasies. Een situasie wat veral aanleiding tot regressiewe gedrag kan gee, is die geboorte van 'n nuwe baba in die gesin (Louw, Van Ede & Louw, 2004:222). Sommige kinders regresseer na 'n vorige ontwikkelingstadium en begin duimsuig, hul broekies natmaak, babataal praat of toon 'n behoefte aan borsvoeding of 'n bottel (Louw *et al.*, 2004:222). In hierdie verband verwys Essa (1999:iv) na emosionele en afhanglike gedrag soos babataal praat, duimsuig, broek natmaak en klouerige gedrag.

Die fokus van hierdie studie berus op die verskillende persepsies wat ouers het aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag. Die navorsing ag hierdie persepsies as belangrik aangesien ouers se persepsies van hierdie soort gedrag 'n belangrike rol speel in hoe hulle dit sal ervar en hanteer. Dijksterhuis en Van Knippenberg (1998:865) verwys na die direkte en deurdringende invloed wat persepsies op gedrag het. Die skrywers van die

artikel sluit denke ook in by die term "gedrag". Hieruit kan dus afgelei word dat ouers se persepsies aangaande hulle kleuter/s se regressiewe gedrag 'n invloed op hul gedrag of hantering daarvan kan hê. Dit is as gevolg van hierdie afleiding dat die navorser dit belangrik ag om in hierdie studie ouers se persepsies van regressiewe gedrag te verken.

## **1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE EN PROBLEEMSTELLING**

In die volgende afdeling word die rasionaliteit van die studie omskryf. Dit behoort die leser genoegsaam in te lig aangaande die navorser se motivering om hierdie studie aan te pak.

Die navorser het as Spelterapie-student met ouers in aanraking gekom wat wanpersepsies aangaande hulle kleuters se regressiewe gedrag getoon het. Van hierdie wanpersepsies het ingesluit dat die kind bloot "stout" is of probeer om die ouer te manipuleer. Hierdie soort onkunde van die ouer kan implikasies inhoud vir die manier waarop die ouer hierdie gedrag sal hanteer (byvoorbeeld om die kind te straf).

Die navorser het dit om dié rede belangrik geag om dieper ondersoek in te stel na die verskillende persepsies wat by ouers bestaan aangaande regressiewe gedrag by hulle kleuter. Die navorser se eie belewenis van regressiewe gedrag by kleuters binne die terapeutiese opset het as verdere motivering vir hierdie studie gedien. Die navorser beplan om die studie voort te sit tydens haar doktorale studies, wat gaan fokus op ouerleiding aangaande die korrekte hantering van regressiewe gedrag.

Gilbert (2002:171) verwys na regressiewe gedrag as gedrag wat aandui dat 'n persoon se funksionering of aanpassingsvermoë op 'nvlak is wat laer is as die verwagte of tipiese gedrag. Vir die doel van hierdie studie verwys "regressiewe gedrag" spesifiek na gedrag by die kleuter wat op 'nvlak is wat laer is as die verwagte norm.

Spesifieke gedrag is deur die navorser geïdentifiseer as regressiewe gedrag op grond van die literatuur. Volgens Durrheim (1999:80-88) is dit van belang dat die navorser 'n operasionele definisie saamstel. Die operasionele definisie bied 'n konkrete verduideliking van die term "regressiewe gedrag". Laasgenoemde stap het die geldigheid van die data wat in die studie versamel is, verseker.

Die navorser is bewus daarvan dat daar ander tipes gedrag is wat ook beskou kan word as regressief wat moontlik in hierdie studie na vore sal kom. Die volgende uiteensetting van regressiewe gedrag dien as die navorser se operasionele definisie .

- **Urinering/ontlasting in die bed of klere**

Hier word spesiek verwys na sekondêre enurese en enkoprese, met ander woorde die kind het reeds blaasbeheer en stoelgang bemeester maar hy vind tans probleme hiermee. Daar bestaan geen urologiese of neurologiese patologie wat daartoe kan aanleiding gee nie (Kendall, 2000:158).

- **Klouerige gedrag**

Hier word verwys na die kleuter wat reeds 'n mate van onafhanklikheid ontwikkel het deur maklik van die ouer te skei maar wat tans aan die ouer vasklou in situasies waar optrede van sy kant vereis word (Louw *et al.*, 2004:222).

- **Babataal praat**

Hier word spesiek verwys na die kleuter wie se taalontwikkeling en taalvermoë normaal is maar wat in sekere omstandighede praat soos 'n kind wat baie jonger is (Louw *et al.*, 2004:222).

- **Behoefte om bottel of moedersmelk te drink**

Hier word spesifiek verwys na die kleuter wat nie meer bottel of moedersmelk drink nie en wat tans die behoefte aan die ouer bekend maak dat hy weer bottel of bors wil hê (Louw *et al.*, 2004:222).

- **Duimsuig**

Hier word verwys na die kleuter wat begin duimsuig ongeag of hy dit vroeër gedoen het of nie. Volgens Cohen (2002:307) toon voorskoolse kinders dikwels regressiewe gedrag soos duimsuig.

Vervolgens is dit belangrik om na die kleuter se ontwikkelingstake te kyk om sodoende te regverdig waarom bogenoemde gedrag nie ouderdomsgespas is vir die kleuter nie. Vir die doel van hierdie studie word daar spesifiek gefokus op die ouderdomsgroep drie tot ses jaar.

Volgens Erickson se teorie van ontwikkeling (Louw *et al.*, 2004:52) is die drie tot sesjarige kleuter in die ontwikkelingstadium van inisiatief teenoor skuld. 'n Belangrike taak in hierdie stadium is die ontwikkeling van meer onafhanklike optrede as voorheen. Regressie na 'n vorige stadium weerhou die kleuter in hierdie ontwikkelingstadium om onafhanklik op te tree. Die navorser is van mening dat die kleuter se regressiewe gedrag deur die ouer op 'n empatiese wyse bestuur moet word, maar met genoegsame kennis aangaande sy kleuter se ontwikkelingstake.

Doyle (2003:105) noem dat regressie 'n verskynsel met verskillende fassette is en bevestig dat dit herken en bestuur kan word deur kliniese personeel, opvoedkundiges en ouers. Die navorser ag dit egter nodig om eers die persepsies van ouers aangaande regressiewe gedrag te verken voordat ouers gefasiliteer kan word om hierdie gedrag doeltreffend te bestuur.

Berk (2003:5) beskryf die ouerdom van drie tot ses jaar as die tydperk in die kleuter se lewe waar meer selfbeheer en selfonderhoude gedrag die norm is. Regressiewe gedrag by die kleuter verhinder onafhanklike en selfonderhoude optrede, aangesien dit die kleuter se vryheid om keuses vir homself te maak, beperk. Volgens Dowling (2000:42) behoort kleuters van kleuterskoolouerdom reeds in staat te wees om keuses en besluite vir hulleself te kan maak.

Die navorser beoog nie om regressiewe gedrag in 'n negatiewe lig te stel en as abnormaal voor te hou nie. Die kleuter tussen drie en ses jaar is in 'n transisionele periode en regressiewe gedrag is 'n universele fenomeen wat in een of ander vorm by die meeste individue voorkom (Doyle, 2003:41).

Die navorser is van mening dat kleuters dikwels gedrag manifesteer waарoor ouers onkundig is, wat heel moontlik ook die gepaste hantering van hierdie tipe gedrag vir die ouer kan kompliseer. Regressiewe gedrag is na die mening van die navorser, 'n verskynsel waарoor ouers min inligting het en daarom moeilik ervaar, beide in die hantering van die gedrag asook op emosionele vlak.

Die navorser het gepoog om deur middel van die studie 'n beter begrip te vorm vir die verskillende persepsies wat ouers het aangaande regressiewe gedrag. Hierdie persepsies hou definitiewe implikasies in, in terme van die ouer se hantering en ervaring van regressiewe gedrag.

Dit is die mening van die navorser dat dit die kleuter se emosionele welsyn negatief kan beïnvloed indien ouers nie op 'n empatiese en ouerdomsgepaste manier reageer teenoor hulle kleuter se regressiewe gedrag nie. Onkunde met betrekking tot hulle kleuter se huidige ontwikkelingstake kan 'n moontlike rede hiervoor wees. Gowen en Nebrig (2002:4) bevestig dat ouers 'n behoeftte toon aan meer inligting aangaande

hulle kleuter se emosionele behoeftes en ontwikkeling asook vroeë breinontwikkeling.

Volgens die navorser verstaan ouers dikwels nie hulle kleuter se gedrag of ontwikkelingstake nie. Ouers kry nie opleiding in die ontwikkeling van hulle kleuter nie en verwag soms meer volwasse gedrag van hulle kleuter as wat moontlik is. Volgens Berk (2003:600) is voorskoolse kinders wat onvolwasse gedrag toon gewoonlik angstig en nog nie in staat om hierdie angstigheid te reguleer nie. Dit is die navorser se mening dat 'n empatiese reaksie vanaf die ouer (wat oor genoeg kennis beskik aangaande die redes waarom sy kleuter die gedrag toon) hierdie angstigheid van die kleuter sal kan verminder.

### **1.2.1 Verskillende manifestasies van regressiewe gedrag**

Resente literatuur oor regressie fokus op verskillende manifestasies van regressiewe gedrag. Vervolgens word verskillende temas wat in die literatuur voorkom aangaande regressiewe gedrag uiteengesit met verwysing na spesifieke bronne. Dit bied 'n goeie oorsig van literatuur wat tans in hierdie veld beskikbaar is.

#### *1.2.1.1 Die gebruik en manifestasie van regressie binne die terapeutiese opset*

Die gebruik en manifestasie van regressie binne die terapeutiese opset kom veral in die volgende bronne voor.

- Gilbert, R.L. 2002. *How we change. Psychotherapy and the process of human development.* Boston: Allyn & Bacon.
- Doyle, A.M. 2003. *Regression. A universal experience.* Westport: Praeger.

### 1.2.1.2 Regressie weens traumatische gebeurtenis

Regressie by kinders as gevolg van 'n traumatische gebeurtenis byvoorbeeld die ekskeiding van ouers, asook regressie by kinders wat voorkom as gevolg van misbruik kom as temas voor in die onderstaande bronne:

- *The effects of divorce on young children.* [S.a.]. Department of family & consumer sciences. North Carolina State University.
- Timberlake, E.M. & Cutler, M.M. 2001. *Developmental play therapy in clinical social work.* Massachusetts:Allyn & Bacon.
- Gil, E. 2006. *Helping abused and traumatized children. Integrating directive and nondirective approaches.* New York: The Guilford Press.

### 1.2.1.3 Regressie by volwassenes

Die gebruik van regressie-terapie veral by volwassenes wat as kinders getraumatiseer is word in die volgende bron bespreek:

- Doyle, A.M. 2003. *Regression. A universal experience.* Westport: Praeger.

Daar bestaan volgens die navorsing 'n leemte in die literatuur aangesien die ouers se persepsies van regressiewe gedrag en daaropvolgende hantering van hierdie tipe gedrag nie aandag geniet nie. Daar bestaan 'n verdere leemte in die literatuur aangaande riglyne aan ouers oor hoe om hierdie gedrag korrek te hanteer.

## 1.2.2 Resente navorsingstemas

Voorbeeld van resente navorsing (tussen 2000 en 2007) wat verband hou met die studie word vervolgens uiteengesit, om sodanige die leemte in bestaande navorsing te illustreer. Die tema van die navorsing sowel as die bron word telkens gegee.

#### 1.2.2.1 *Regressie by kleuters met autisme*

Die voorkoms van regressiewe gedrag by kleuters met outisme word in die volgende bron behandel:

- Ozonoff, S. Williams, B. & Landa, R. 2005. Parental report of the early development of children with regressive autism. *Autism*, 9 (5):461-486.

#### 1.2.2.2 *Moeder se hantering van kleuter se gedrag*

Die kleuter se gedrag tydens die kleuterjare en hoe die moeder dit hanteer word in die onderstaande bron uiteengesit:

- Huang, K. Teti, D. Caughy, M. Feldstein, S. & Genevro, J. 2007. Mother-Child Conflict Interaction in the toddler years: Behavior patterns and Correlates. *Journal of child and family studies*, 16 (2): 219-241.

#### 1.2.2.3 *Regressie op ontwikkelingsvlak*

Die tema van kleuters wat regressie toon op ontwikkelingsvlak word in die onderstaande bron hanteer:

- Tosh, A. 2004. A toddler with developmental regression. *Clinical Pediatrics*, 43 (3): 305-307.

#### 1.2.2.4 *Taalontwikkelingsprobleme*

Kleuters met taalontwikkelingsprobleme word in die onderstaande bron bespreek:

- Stein, M.T. Parker, S. Coplan, J. & Feldman, H. 2001. Developmental delays and regressions - Expressive language delay in a toddler. *Journal of developmental and behavioral pediatrics*, 22 (2):99-99.

#### *1.2.2.5 Verandering van dagsorg*

Die impak op die kleuter wanneer sy dagsorg verander word, word in die onderstaande bron uiteengesit:

- Cryer, D. Wagner-Moore, L. Burchinal, M. Yazejian, N. Hurwitz, S. & Wolery, M. 2005. Effects of transitions, to new child care classes on infant/toddler distress and behavior. *Early childhood research quarterly*, 20 (1):37-37.

#### *1.2.2.6 Koms van nuwe baba*

Die voorkoms van regressiewe gedrag by die tweejarige kleuter by die geboorte van 'n nuwe baba word bespreek in:

- Abedon, E. 2000. 2 years: Baby me! When a newborn comes home, don't be surprised if your toddler regresses from big kid to baby-and back again. *Parents*, 75 (7):169-169.

#### *1.2.2.7 Riglyne aan ouers*

Riglyne aan ouers oor hoe om die kleuter onder vyf jaar se gedrag te hanteer, is beskikbaar in die onderstaande bron:

- Pretorius, I. & Stoker, J. 2004. Toddler troubles: Coping with your under fives. *Child and adolescent mental health*, 9(3):143-143.

Uit die bestaande uiteensetting van navorsing in hierdie veld is dit dus duidelik dat daar 'n leemte is in die veld ten opsigte van ouers se persepsies aangaande regressiewe gedrag by die kleuter.

Gevollik kan die probleem vir hierdie studie soos volg geformuleer word: Ouers se persepsies van regressiewe gedrag is onbekend. Moontlike wanpersepsies aangaande regressiewe gedrag by die kleuter kan by ouers bestaan. Wanpersepsies en 'n gebrek aan inligting maak dit vir die ouer onmoontlik om regressiewe gedrag op 'n empatiese en ouderdomsgepaste manier te hanteer.

Die navorser is van mening dat die studie primêr van waarde sal wees vir ouers met kleuters, maar ook bruikbaar sal wees vir enige professie waar die versorging van kleuters betrokke is. Spelterapeute, Maatskaplike Werkers en Sielkundiges kan daarby baat vind om hulle kennis aangaande ouers se persepsies van regressiewe gedrag te verbreed.

### **1.2.3 Doelstelling en doelwitte**

Volgens Fouché en De Vos (2005:104) verwys die doelstelling van die studie na die eindresultaat wat die navorser wil bereik. Die doelstelling van hierdie studie was om vas te stel wat die persepsies van ouers is aangaande regressiewe gedrag by hulle kleuter. Dié breë doelstelling is opgedeel in doelwitte wat daarop gemik was om die breë doelstelling te bereik. Volgens Fouché en de Vos (2005:104) is die doelwitte die stappe wat geneem word wat tot uitvoering van die doelstelling lei binne 'n sekere tydlyn.

Die doelwitte wat vir hierdie studie gestel was, is soos volg:

- Om 'n studie van bestaande literatuur te doen oor huidige navorsing aangaande regressiewe gedrag by die kleuter ten einde die navorsing binne 'n konsepsuele raamwerk te plaas.

- Om kwalitatiewe data in te samel deur middel van 'n fokusgroep ten einde inligting te bekom oor die persepsies van ouers aangaande regressiewe gedrag.
- Om kwalitatiewe data weer te gee, te analyseer en met die literatuur te kontroleer.
- Om aanbevelings te maak ten einde ouers te bemagtig aangaande die hantering van hul persepsies oor regressiewe gedrag.

### **1.3 NAVORSINGSBENADERING**

Die kwalitatiewe benadering is in hierdie studie benut. 'n Uiteensetting van die redes waarom die navorsing gebruik gemaak het van die kwalitatiewe benadering word vervolgens bespreek.

#### **1.3.1 Kwalitatiewe benadering**

Die studie was kwalitatief van aard aangesien die doelstelling van die studie was om inligting aangaande die persepsies van ouers aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag te bekom. Kwalitatiewe navorsing verskaf 'n gedetailleerde beskrywing van 'n sosiale realiteit (Fouché & Delpoort, 2005:75). Hoe ouers dus hulle kleuter se regressiewe gedrag sien, is deel van die daaglikse realiteit van ouerskap en dit kan slegs in woorde omskryf word.

Die navorsing het die studie vanuit 'n Humanistiese, eksistensiële perspektief benader. Die eksistensiële benadering is nie soseer 'n teorie op sy eie nie maar eerder 'n filosofie. Hierdie filosofie plaas klem op die mens se vryheid van keuse om sy omstandighede te verander (Corey, 2001:143). Die eksistensiële filosofie vind ook goed aanklank by die gestaltteorie, wat die mens se vryheid om homself te verander en keuses te maak, voorstaan (Corey, 2001:195). Die navorsing glo aan die hand van laasgenoemde dat ouers moontlike wanperspesies aangaande regressiewe gedrag by hulle

kleuter sal kan verander indien hulle die keuse sou maak. Vervolgens word die soort navorsing bespreek.

### **1.3.2 Soort navorsing**

Die studie val onder die sambrel van toegepaste navorsing en is verkennend en beskrywend van aard. Toegepaste navorsing verwys volgens Babbie (2004:28) na navorsing wat gedoen word met die einddoel om die bevindinge van die navorsing te gebruik. Soos reeds genoem is dit die navorser se oogmerk om die inligting van die studie te gebruik as basis vir 'n ouerleidingsprogram aangaande die korrekte hantering van regressiewe gedrag.

Die verkennende aard van kwalitatiewe navorsing lei volgens Delport en Fouché (2005:351) na die ontwikkeling van nuwe konsepte of teorieë. In dié geval wou die navorser slegs die persepsies van ouers aangaande hulle kleuters se regressiewe gedrag verken en beskryf. Die studie se doel was nie om nuwe konsepte te vorm nie maar wel om na die spesifieke probleem uit 'n nuwe perspektief te kyk.

Beskrywende navorsing se doel is om aan die leser 'n prentjie te skets van 'n situasie (Delport & Fouché, 2005:351). Die navorser se doel met hierdie studie was om aan die leser 'n beschrywing te verskaf van spesifieke ouers se persepsies aangaande hulle kleuters se regressiewe gedrag. Die strategie wat tydens die studie gebruik is, word in die volgende afdeling bespreek.

### **1.3.3 Navorsingstrategie**

Die navorsingstrategie van die studie was die gevallestudie. 'n Gevallestudie kan gesien word as 'n verkenning of 'n indiepte-analise van 'n gebonde sisteem (in dié geval is die sisteem gebonde deur beide tyd en plek). Die gevallestudie kan verwys na 'n proses, aktiwiteit, gebeurtenis, program, een

individu of vele individue (Fouche, 2005:272). Die geval in hierdie studie verwys dus na die ouers se persepsies aangaande hulle kleuters se regressiewe gedrag en verwys na 'n spesifieke groep ouers op 'n spesifieke tyd en plek.

Die soort gevallestudie wat in hierdie studie gebruik is, staan bekend as die intrinsieke gevallestudie. Die navorser poog om deur middel van die intrinsieke gevallestudie 'n beter begrip te vorm van 'n spesifieke groep ouers se persepsies van regressiewe gedrag (Fouché, 2005:272). Hierdie persepsies word nie met mekaar vergelyk nie maar saamgevoeg ten einde 'n ryke beskrywing van die data weer te gee.

## **1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Die navorsingsmetodologie wat deur die navorser gevolg is, word vervolgens bespreek. Die eerste deel van die navorsingsmetodologie wat aandag geniet is die konseptuele raamwerk.

### **1.4.1 Konseptuele raamwerk**

Die navorser het resente navorsing aangaande regressiewe gedrag bestudeer, om sodoende te verseker dat elke vraag wat tydens die fokusgroep gestel word, sinvol sou wees. Inligting is uit joernale, boeke, verhandelings en tesisse wat in Unisa se biblioteek beskikbaar was, verkry. Deur ook gebruik te maak van internetbronne het die navorser verseker dat genoegsame literatuur oor die onderwerp ingesamel is. Vier van die bronne wat deur die navorser gebruik is, is ouer as tien jaar. Drie van die bronne was egter nie ouer as tien jaar toe die studie begin is nie. Die inligting wat gebruik is, is egter relevant tot die studie en alternatiewe bronne kon nie gevind word nie.

Slegs navorsing wat relevant was tot die studie is ingesluit om sodoende 'n aanduiding aan die leser te verskaf van hoe hierdie navorsing by huidige

navorsing aansluit of dan verskil (Strydom, 2005:252). Vervolgens 'n bespreking van die metodologie rondom die steekproefneming wat gevolg is in die studie.

#### **1.4.2 Steekproefneming**

Die navorser het van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak aangesien spesifieke gevalle (in dié geval spesifieke ouers) gekies moes word om 'n eienskap of proses te illustreer wat van toepassing was op die betrokke studie (Strydom & Delport, 2005:328).

Nadat die navorser die konseptuele raamwerk voltooi het, was die volgende stap in die navorsingsproses om die universum te bepaal. Die universum verwys na alle potensiële persone wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. In dié geval was die universum alle ouers van kleuters tussen drie en ses jaar wat reeds regressiewe gedrag by hulle kleuter opgemerk het (Strydom & Venter, 2005:193).

Die term "populasie" plaas sekere beperkinge aan die universum en hierdie beperkinge word weerspieël in die navorser se kriteria (sien 1.4.3) vir insluiting in die fokusgroep. Die populasie verwys na ouers van kleuters tussen drie en ses jaar wat reeds regressiewe gedrag by hulle kleuter opgemerk het en wie se kleuter in Flinkdink Kleuterskool of Asjassie Kleuterskool is.

Die navorser het 'n fokusgroep van ses lede beplan, slegs vier fokusgroepdeelnemers (hierna verwys as deelnemers) het opgedaag. Volgens Greeff (2005:305) is ses tot tien deelnemers 'n goeie getal vir 'n fokusgroep. 'n Klein groep van vier tot ses deelnemers is egter wenslik wanneer die deelnemers 'n groot hoeveelheid informasie het om te deel. Die fokusgroepbespreking het twee ure geneem en die navorser is van mening dat ses deelnemers in die fokusgroep sou verhoed dat daar so baie informasie

gedeel kon word. Alhoewel daar slegs vier deelnemers in die fokusgroep was, het dit wel aan die bogenoemde vereiste van Greeff voldoen.

Vervolgens 'n uiteensetting van die kriteria waaraan die deelnemers van die fokusgroep moes voldoen ten einde ingesluit te word.

### **1.4.3 Deelnemerskriteria vir insluiting in die fokusgroep**

Die volgende kriteria het gegeld vir deelnemers se insluiting in die fokusgroep:

- Die deelnemer moes een of meer kleuters tussen die ouderdom van drie en ses jaar hê.
- Die deelnemer moes reeds regressiewe gedrag in een of ander vorm by die kleuter opgemerk het.
- Die deelnemer moes 'n kleuter in Flinkdink Kleuterskool of Asjassie Kleuterskool hê .

### **1.4.4 Insameling van empiriese data**

Die insameling van empiriese data met behulp van 'n fokusgroep word vervolgens uiteengesit.

#### *1.4.4.1 Die fokusgroep*

Die metode van data-insameling wat in hierdie studie gebruik is, staan bekend as die fokusgroep. 'n Fokusgroep kan gesien word as soortgelyk aan 'n groepsonderhoud (Greeff, 2005:299). Die fokusgroep was die ideale metode om die persepsies van ouers te ondersoek, aangesien die navorser (met die korrekte fasilitering) die deelnemers van die fokusgroep kon motiveer om hul persepsies te deel, sonder dat daar noodwendig konsensus bereik hoef te word (Krueger & Casey, 2000:4).

Die navorser het beplan om twee of drie fokusgroepbesprekings te hou aangesien slegs een bespreking moontlik beperkend en riskant sou wees. As gevolg van tydsbeperkinge en deelnemers wat nie opgedaag het nie, is daar slegs een fokusgroepbespreking gehou. Die data word egter nie veralgemeen nie en word slegs geïnterpreteer as die persepsies van dié betrokke groep ouers, en kan daarom nie as verkeerd beskou word volgens Greeff (2005:306) nie. Volgens Powell en Single (1996:501) is een tot tien sessies oor die algemeen voldoende. Die navorser is van mening dat die een sessie wat gehou is, genoegsame data verskaf het om die navorsingsvraag sinvol te kon beantwoord.

Die fokusgroepbespreking is gehou by die navorser se huis. 'n Vriendelike, intieme atmosfeer dra volgens die navorser by tot die deelnemers se vrymoedigheid om openlik te praat oor hulle kleuter/s se regressiewe gedrag. Die fokusgroepbesprekings is met 'n digitale opnemer sowel as 'n videokamera opgeneem nadat die nodige toestemming (sien bylaag 1) by elke lid van die fokusgroep verkry is. Vervolgens word die prosedure wat gevvolg is tydens die beplanningsfase vir die fokusgroep bespreek.

#### *1.4.4.2 Prosedure vir die fokusgroep*

Tydens die beplanningsfase van die fokusgroep is die volgende stappe, gegronde op die werk van Greeff (2005:303), geneem:

- Verfyning van die doelstelling van die navorsing.
- Die verkryging van die nodige toestemming.
- Die opstel van 'n tydlyn.
- Die identifisering van die deelnemers.
- Die opstel van vrae vir die groep.
- Die werwing van die deelnemers.
- Die hou van die fokusgroep.
- Analisering en rapportering van data.

### **1.4.5 Data-analise**

Die volgende stappe, soos uiteengesit deur De Vos (2005:334-339), is gebruik in die data-analiseproses.

#### *1.4.5.1 Beplanning ten opsigte van opneem van data*

Die beplanning ten opsigte van die opneem van die data is op 'n sistematiese manier gedoen. Belangrike elemente wat deur die navorser in gedagte gehou is tydens die beplanning van die opneem van die data was die plek waar die fokusgroep gehou is, asook die deelnemers. Dit was vir die navorser van groot belang dat die manier waarop die data opgeneem word nie inmeng met die vloei van die bespreking nie.

#### *1.4.5.2 Data-insameling en voorlopige analise*

In die kwalitatiewe studie is die verhouding tussen data-insameling en analise van onskeibare aard. Laasgenoemde gaan hand aan hand om sin te maak uit die data wat ingewin is. Soos wat die navorser die data analyseer, verander die patronen in die data, waaruit die moontlike temas geïdentifiseer kan word deurlopend.

#### *1.4.5.3 Die bestuur en organisering van die data*

Data behoort georganiseer te word sodat die navorser maklik toegang tot die regte inligting kan verkry. Die fokusgroepbespreking is getranskribeer wat dus die data in teksvorm georganiseer het. Laasgenoemde maak ook deel uit van die bestuur van die data. Die feit dat die navorser die fokusgroepbespreking self getranskribeer het, het die data-analiseproses aansienlik vergemaklik aangesien die navorser reeds dan 'n idee kan vorm van die moontlike temas wat in die navorsing voorkom.

#### 1.4.5.4 *Lees en notas maak*

Die beste manier waarmee die navorser haarself of homself met die data vertroud kan maak is om dit herhaaldelik deur te lees. Deel van hierdie proses is om notas te maak soos wat idees by die navorser opkom.

#### 1.4.5.5 *Generering van kategorieë, temas en patronen*

Die generering van kategorieë, temas en patronen kan as die sentrale of belangrikste element van data-analise beskou word. Tydens hierdie proses identifiseer die navorser temas en ook subtemas wat onder die temas gegroepeer word. Die interpretasie van die data geskied op verskillende maniere, die navorser het 'n kombinasie van persoonlike sienings asook wetenskaplik gegrondte sienings gebruik.

#### 1.4.5.6 *Kodering van die data*

Die navorser het gebruik gemaak van nommers om die data te kodeer. Hierdie proses was van kritieke belang om die temas te identifiseer asook om die subtemas onder die korrekte hoof tema te gegroepeer.

#### 1.4.5.7 *Toetsing van die navorser se begrip van die data*

Die belangrikste element in hierdie stadium van data-analise is om die data te evalueer in terme van bruikbaarheid. Die navorser moet vasstel hoe bruikbaar die data is.

#### 1.4.5.8 *Die skryf van die verslag*

Hierdie is die laaste stap en behels dat die navorser die data moet voorstel in 'n gekose vorm, byvoorbeeld in teksvorm, tabelvorm of deur middel van die

gebruik van figure. Weens die kwalitatiewe aard van die navorsing is die data in teksvorm aangebied.

## **1.5 ETIESE MAATREËLS**

Vervolgens 'n uiteensetting van die navorser se werkswyse aangaande die etiese aspekte van die studie.

### **1.5.1 Vermyding van fisiese of emosionele skade**

Verskeie maatreëls is deur die navorser getref word om te verseker dat die navorsing op 'n etiese wyse plaasgevind het. Volgens Strydom (2005:58) is daar 'n moontlikheid dat navorsingsdeelnemers aan fisiese of emosionele skade blootgestel kan word. Die navorser het alles prakties moontlik gedoen om te verseker dat enige moontlike skade (beide emosioneel asook fisies) aan die respondent uitgesluit was. Die fokusgroep is nie in die aand gehou nie sodat die perseel ook veilig was. Emosionele kwessies wat na vore gekom het tydens die fokusgroepbespreking is met die nodige respek en empatie hanteer deur die navorser.

### **1.5.2 Ingeligte toestemming**

Soos reeds genoem, het die navorser verseker dat elke ouer wat aan die fokusgroep deelneem genoegsame inligting ontvang het deur middel van 'n inligtingsbrief wat aan hul verskaf is, reeds voor hulle die besluit moes neem om deel te neem aan die fokusgroep al dan nie. Die deelnemers moes in die inligtingsbrief toestemming gee dat hulle deelname in die fokusgroep as data in die studie weergegee sou word (sien bylaag 1). Geen ouer is onder 'n wanindruk gebring oor die redes vir die fokusgroep nie. Die lede van die fokusgroep kon enige tyd van die studie onttrek as hulle sou wou. Volgens Hakim (in Strydom, 2005:59) is ingeligte toestemming absoluut noodsaaklik vir navorsing en nie 'n luukse nie.

### **1.5.3 Privaatheid en konfidensialiteit**

Die privaatheid van die fokusgroeplede is verseker deur geen persoonlike informasie van die fokusgroeplede in die verhandeling bekend te maak nie. Persoonlike inligting was oorbodig en onnodig, aangesien dit nie deel was van die doelstelling van die studie nie. Inligting wat voor die tyd met die fokusgroeplede uitgeklaar is, was die ouderdom van hulle kleuter/s en of hulle al regressiewe gedrag by hulle kleuter kon identifiseer. Die konfidensialiteit van die data is ook deur die navorser verseker. Die fokusgroepsessie is opgeneem met 'n digitale opnemer en op die navorser se rekenaar geberg, waartoe slegs die navorser toegang het. Die video-opname sowel as getranskribeerde data is toegesluit in die navorser se kantoor.

### **1.5.4 Bevoegdheid van die navorser**

Die navorser het oor genoegsame kennis en kwalifikasies beskik om hierdie navorsing te voltooi. Strydom (2005:63) noem dat navorsers op etiesevlak verplig is om oor die vermoë te beskik om die studie te onderneem. Die navorsing is onder leiding van 'n bekwame studieleier gedoen. Die bevindinge van die navorsing word bekend gemaak in hierdie verhandeling van beperkte omvang.

### **1.5.5 Weergee van die navorsingsbevindinge**

Strydom (2005:65) beweer dat dit 'n etiese praktyk is om te verseker dat die inligting wat verkry is tydens die navorsing korrek weergegee word. Die bevindinge van die studie sal beskikbaar gemaak word indien enige van die fokusgroeplede terugvoer sou wou hê. Die bekendmaking van bevindinge kan ook as 'n mate van erkenning en dank aan die deelnemers vir hul diens aan die gemeenskap gesien word.

### **1.5.6 Die navorser se etiese kode**

Die navorser is tans geregistreer as berader by die Raad vir Beraders. Die organisasie beskik nie oor 'n etiese kode vir navorsing nie, maar beskik wel oor 'n algemene etiese kode. Die navorser is onderworpe aan hierdie etiese kode. Strydom (2005:67) noem dat die finale verantwoordelikheid vir etiese optrede egter by die navorser self berus. Goedkeuring deur die Etiese komitee van Hugenote Kollege het verseker dat die navorsing op 'n etiese wyse plaasgevind het.

## **1.6 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE**

Vervolgens word die hoofkonsepte wat verband hou met hierdie studie gedefinieer.

### **1.6.1 Persepsie**

Die woord "persepsie" verwys na die "opneem van indrukke in die bewussyn, asook die resultaat daarvan" (Schoonhees, Swanepoel, du Toit & Booysen, [S.a.] ).

Vir die doel van die studie verwys persepsie na die indrukke waarvan ouers bewus is aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag, asook die resultaat van hierdie indrukke in terme van hoe hulle hierdie gedrag sien, asook moontlike emosionele gewaarwordinge as gevolg van hulle kleuter se regressiewe gedrag. Temas wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, word gegroepeer in twee breë kategorieë, naamlik:

- Indrukke van die ouers oor regressiewe gedrag
- Die resultaat van hierdie indrukke

### **1.6.2 Regressiewe gedrag**

Regressiewe gedrag is 'n proses wat plaasvind wanneer daar van tyd tot tyd 'n stap terug in ontwikkeling geneem word. Dit is veral opmerklik by kleuters in tye van spanning, wanneer daar geregresseer word op emosionele vlak, asook in terme van sekere liggaamsfunksies (Schmidt Neven 1996:259). Die voorskoolse kind se pogings om situasies te hanteer wat verwarrend is en om 'n mate van bemeesteriging te bereik, sluit gewoonlik 'n kombinasie van die volgende hanteringsmeganismes in: ontkenning, distansiëring, regressie of die herhaalde herverordening van gebeur (Timberlake & Cutler, 2001:290). Kaner (2005:37) beskryf regressie as die individu se onvermoë om 'n stresvolle en veeleisende situasie te hanteer wat dan veroorsaak dat daar na 'n vorige stadium van ontwikkeling teruggekeer word.

Vir die doel van die studie verwys regressiewe gedrag na enige soort gedrag wat nie meer ouderdomstoepaslik is vir die fase van ontwikkeling waarin die kleuter hom bevind nie.

### **1.6.3 Kleuter**

Plug *et al.* (1997:180) definieer "kleuter" soos volg: " 'n Ontwikkelingstadium wat ongeveer vanaf tweejarige tot sesjarige ouderdom strek". Berk (2003:5) beskryf die ouderdom van drie tot ses jaar as die tydperk in die kind se lewe waar meer selfbeheer en selfonderhoudbare gedrag die norm is.

Vir die doel van die studie word drie tot sesjarige kleuters ingesluit.

## **1.7 HOOFTUKINDELING**

Vervolgens 'n kort uiteensetting van die inhoud van die verskillende hoofstukke.

Hoofstuk een behels die inleiding tot die studie. Onder meer word daar gefokus op die navorser se motivering om die studie aan te pak, die probleemstelling asook die doelstellings en doelwitte van die studie. Die navorsingsbenadering asook navorsingsmetodologie is bespreek. Verder is die etiese aspekte relevant tot die studie bespreek.

Hoofstuk twee staan as die navorser se konseptuele raamwerk bekend. Hierdie hoofstuk fokus op bestaande literatuur oor regressiewe gedrag asook die ontwikkelingsvlak van die kleuter.

Hoofstuk drie behels die resultate van die empiriese studie. In hierdie hoofstuk fokus die navorser op die voorstelling van die data deur onder ander na herhalende temas in die data te verwys. Die temas wat geïdentifiseer is, is daarna met die literatuur gekontroleer.

Hoofstuk vier se fokus is om sekere gevolgtrekkings aan die hand van die empiriese data te maak, asook aanbevelings wat op die empiriese data wat ingewin is, gegrond is.

## 1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar op verskeie belangrike elemente van die studie gefokus. Die probleemstelling asook die rasionaliteit van die studie is bespreek. Die doelstelling en doelwitte van die navorsing is uiteengesit en die navorsingsbenadering en navorsingsmetodologie ook bespreek is. Die etiese aspekte van die studie is uitgewys en laastens is die hoofkonsepte van die studie gedefinieer.

Die hoofstuk wat volg staan bekend as die studie se konseptuele raamwerk. In dié hoofstuk bespreek die navorser verskeie teorieë oor regressiewe gedrag by die kleuter. Daar word onder meer gefokus op die klassieke werke van Sigmund Freud en Carl Jung. Daar word verder gefokus op die

kontemporêre teorieë wat regressiewe gedrag as 'n hanteringsmeganisme van die kleuter beskou, veral in situasies waar die kleuter onder spanning verkeer. Die ontwikkelingsfase van die kleuter word ook beskryf.

## **HOOFSTUK 2**

### **KONSEPTUELE RAAMWERK: DIE VOORKOMS VAN REGRESSIEWE GEDRAG BY DIE KLEUTER**

#### **2.1 INLEIDING**

In hoofstuk een is die navorsingsproses en doelstelling vir dié studie omskryf. Hierdie hoofstuk dien as die navorser se konseptuele raamwerk. 'n Konseptuele raamwerk behoort volgens Delpoort en Fouché (2005:263) as 'n logiese raamwerk te dien vir die navorsing en behoort ook die navorsing binne die konteks te plaas van ander soortgelyke studies.

Volgens Delpoort en Fouché (2005:263) behoort die konseptuele raamwerk sekere funksies te vervul binne die kwalitatiewe studie. Die paradigma waaruit die studie spruit, behoort duidelik gedemonstreer te word. Dit is verder van kardinale belang dat die navorser leemtes in vorige navorsing geïdentifiseer het. Die huidige navorsing behoort dus die behoeftte te vervul aan kennis aangaande die onderwerp.

In die konseptuele raamwerk wat volg word daar eerstens 'n oorsig gebied van die klassieke werke van Sigmund Freud en Carl Jung aangaande regressie. Regressie kan volgens die navorser nie in isolasie van die ander verdedigingsmeganismes gesien word nie en daarom word regressie ook saam met die ander ego-verdedigingsmeganismes bespreek. Die kontemporäre siening aangaande regressie as 'n hanteringsmeganisme word ook bespreek. Die belangrike rol wat seksuele misbruik asook trauma speel in die etiologie van regressiewe gedrag by die kleuter word vanuit die literatuur bespreek.

Die ontwikkelingsvlak van die kleuter aan die hand van veral Erickson se teorie word bespreek. Die navorser kyk ook na die rol wat die ouer binne die gesinsopset speel in die voorkoms asook hantering van regressiewe gedrag.

Die verband tussen regressiewe gedrag en behoeftebevrediging (veral emosionele behoeftes) word aan die hand van Maslow se behoeftehiërargie verduidelik.

## **2.2 TEORIEË AANGAANDE REGRESSIEWE GEDRAG**

Vervolgens word die klassieke werke aangaande regressiewe gedrag aan die hand van Klassieke teorieë bespreek.

### **2.2.1 Klassieke teorieë oor regressie**

Die bydraes van Sigmund Freud en Carl Jung tot die teorie aangaande regressie word vervolgens bespreek.

#### *2.2.1.1 Sigmund Freud en die psigoanaliste*

Sigmund Freud se werk rondom ego-verdedigingsmeganismes is van die bekendste teorieë in die veld van die Sielkunde (Meyer, Moore & Viljoen, 1997:75). Volgens die psigoanalitiese teorie word ego-verdedigingsmeganismes deur die individu gebruik om angs te hanteer. Die ego-verdedigingsmeganismes het verder twee belangrike eienskappe, naamlik die ontkenning (of verdraaiing) van realiteit en die funksionering op onbewuste vlak (Corey, 2001:71).

Volgens Meyer *et al.* (1997:75) trek Sigmund Freud 'n verband tussen regressie en die vorming van 'n fiksasie. Sigmund Freud beweer dat 'n persoon wat regresseer, na daardie stadium sal regresseer waarop hy vroeër gefikseer was. 'n Fiksasie word as volg gedefinieer: "Fiksasie vind plaas wanneer 'n individu se psigiese ontwikkeling gedeeltelik in 'n spesifieke stadium vassteek". 'n Voorbeeld van 'n fiksasie sou wees wanneer 'n driejarige kind wat reeds opgehou het om duim te suig, dit weer begin doen.

Aangesien die ego-verdedigingsmeganismes nie in isolasie van mekaar bespreek kan word nie, is die navorsing van mening dat regressie saam met die ander ego-verdedigingsmeganismes in die breë konteks gesien moet word. Vervolgens word die ego-verdedigingsmeganismes met 'n kort beskrywing van elk in Tabel 2.1 saamgevat (Corey, 2001:71-73).

**TABEL 2.1**  
**DIE EGO-VERDEDIGINGSMEGANISMES**

Ego-verdedigingsmeganisme:	Beskrywing:
<b>Regressie</b>	<b>Die individu keer terug na 'n vorm van gedrag wat hy ontgroei het.</b>
<b>Reaksieformasie</b>	Wanneer 'n bedreigende impuls hanteer word deur die teenoorgestelde impuls aktief uit te druk.
<b>Projeksie</b>	Wanneer die individu sy eie onaanvaarbare gedrag of impulse aan ander mense oordra.
<b>Rasionalisasie</b>	Die individu vervaardig goeie redes vir 'n gekrenkte ego.
<b>Sublimasie</b>	Seksuele of aggressiewe energie word op 'n sosiaal aanvaarbare manier uitgedruk.
<b>Repressie</b>	Pynlike gedagtes en gevoelens word uit bewustheid uitgesluit.
<b>Introjeksie</b>	Die "insluk" van die waardes en standarde van ander.
<b>Identifikasie</b>	Mense wat ondergeskik voel, identifiseer met organisasies om waardevol te voel.
<b>Kompensasie</b>	Swakhede word agter 'n masker weggesteek en positiewe eienskappe word aangeleer om op te maak vir beperkinge.

Die ego-verdedigingsmeganismes word volgens Freud deur die individu gebruik om homself te beskerm. Wanneer die individu regresseer en terugkeer na gedrag wat hy ontgroei het, beskerm hy homself teen 'n situasie wat te veel eise aan hom stel en wat hy nie kan hanteer nie. 'n Individu

maak dus gebruik van verskillende verdedigingsmeganismes dwarsdeur sy lewe (Corey, 2001:69).

### **2.2.1.2 *Die bydrae van Carl Jung***

Volgens Jung ontstaan regressie sodra die vloei van energie geblokkeer word sodat suksesvolle kompromieë nie tussen die polêre sisteme bewerkstellig kan word nie. Jung (in Meyer *et al.*, 1997:119-122) sien regressie as 'n positiewe funksie van die psige aangesien dit voorkom dat daar eensydige ontwikkeling in die psige plaasvind en daar dus harmonie bewerkstellig kan word. Verder identifiseer Jung twee tipes oriëntasies, naamlik introversie en ekstraversie, wat na die rigting waarin psigiese energie gekanaliseer word verwys. Jung beskryf introversie as regressie, waartydens die organisme aanpas tot sy innerlike omstandighede terwyl ekstraversie die aanpassing van die organisme is teenoor uiterlike omstandighede.

Die navorser bevraagteken die psigo-analitiese teorie se stelling dat regressiewe gedrag altyd op 'n onbewuste vlak voorkom (Corey, 2001:71). Wanneer die kleuter regressiewe gedrag toon om 'n spesifieke reaksie vanaf die ouer/s te ontlok, is dit die navorser se mening dat hierdie kleuter wel op 'n bewuste vlak gebruik kan maak van gedrag vanuit 'n vorige ontwikkelingsstadium.

Dit is die navorser se mening dat die ouer se reaksie op regressiewe gedrag kan bepaal of die kleuter weer van hierdie gedrag gebruik gaan maak. Wanneer die kleuter dus die reaksie vanaf die ouer/s kry wat hy wil hê, sal dit die gedrag versterk.

### **2.2.2 Kontemporêre teorieë oor regressie**

Kontemporêre teorieë oor regressie maak melding van regressie as 'n hanteringsmeganisme in stresvolle situasies. Verder word die rol van

seksuele misbruik en trauma beklemtoon in die voorkoms van regressiewe gedrag.

### *2.2.2.1 Regressie as hanteringsmeganisme*

Kontemporêre teorieë aangaande regressie beskou dit steeds as 'n verdedigingsmeganisme, maar die term "hanteringsmeganisme" word gebruik. Die voorskoolse kind maak gebruik van hanteringsmeganismes om situasies te hanteer wat verwarring is en gewoonlik word 'n kombinasie van die volgende hanteringsmeganismes gebruik: ontkenning; distansiëring; regressie of die herhaalde ordening van gebeure. Gebruikmaking van hierdie hanteringsmeganismes help die kleuter om 'n mate van bemeestering te bereik ten opsigte van verwarrende situasies (Timberlake & Cutler, 2001:290).

Regressie is 'n poging deur die kleuter om die huidige situasie te hanteer en sodoende word daar terug beweeg na 'n vorige ontwikkelingsstadium. Die regressiewe gedrag ontlok versorging van die versorger/s en het 'n mate van vertroosting en welsyn tot gevolg. Voorbeeld van regressiewe gedrag volgens Timberlake en Cutler (2001:290) is, onder andere, klouerigheid aan betekenisvolle volwassenes asook klaerigheid.

Volgens Meyer *et al.* (1997:82) vind regressie slegs plaas wanneer kinders probleme in hulle ontwikkeling teëkom. Regressiewe gedrag is dus 'n hanteringsmeganisme om op 'n manier die angs verbonde aan die huidige stadium te probeer afweer. Kaner (2005:37) beskryf regressie as die individus onvermoë om 'n stresvolle en veeleisende situasie te hanteer wat dan veroorsaak dat daar na 'n vorige stadium van ontwikkeling gegaan word. Die navorsers kon nie konsensus in die literatuur vind oor die normaliteit van regressiewe gedrag nie, dit is egter nie die doel van hierdie navorsingstudie om laasgenoemde te bepaal nie.

Corey (2001:72) beweer dat die vorige stadium waarna die persoon regresseer nie so baie eise aan die persoon stel nie. Wanneer ernstige spanning of 'n uitdaging aan die persoon gestel word waaraan hy nie kan voldoen nie, kan onvolwasse gedrag deel van die persoon se strategie wees om dit te hanteer.

#### *2.2.2.2 Seksuele misbruik en trauma*

Regressiewe gedrag kom nie slegs voor by kleuters nie, maar by alle ouderdomsgroepe. Volgens Meyer *et al.* (1997:466) is dit moontlik dat 'n persoon wat reeds 'n hoë vlak van funksionering bereik het tydelik na 'n laer vlak kan terugkeer of regresseer.

Volgens Campbell (2003:97) is regressie op emosionele vlak dikwels deel van die simptomologie van kinders wat seksueel misbruik is. Hierdie is 'n belangrike faktor wat in oorweging gebring moet word, maar die navorsing daarop wys dat hierdie soort regressie nie spesifiek in hierdie navorsing behandel word nie.

Hedges (2000:200) verwys na volwassenes wat trauma as kinders beleef het en dan regressiewe gedrag binne die terapeutiese opset toon. Higdon (2004:47) skryf dat regressie aan die volwassene die geleentheid bied om na omgesien te word, aangesien die lewe onhanteerbaar voorkom. Eers wanneer die kliënt weer veilig voel, sal hulle weer die realiteit in die gesig staar. Volgens Leiper (2001:78) is dit nodig dat die terapeut reageer op regressiewe gedrag en dit kan behartig.

Volgens Kaner (2005:37) sal die voorkoms van regressiewe gedrag verskil van individu tot individu. Regressiewe gedrag kan bestaan uit kort episodes wat beter word soos wat die individu gewoond raak aan die situasie of dit kan oor 'n langer termyn voorkom, afhangende van die oorsaak.

'n Traumatische gebeurtenis kan aanleiding gee tot regressie in beide kinders en volwassenes. Regressie is nie altyd maklik om te herken nie aangesien kinderlike gedrag onder sommige omstandighede normaal voorkom, byvoorbeeld as die kind kwaad is of soms as deel van spel. Regressie kan soms so subtel wees dat dit slegs die begeerte is na 'n persoon, plek of situasie wat die kind goed en veilig laat voel het. Regressie kan verkeerdelik geïnterpreteer word as luiheid, ongehoorsaamheid of aandagsoekende gedrag (Nader, 2001:278).

Na 'n traumatische gebeurtenis kan die persoon in 'n regressiewe staat verkeer of spontaan regresseer in reaksie op sekere snellers. Op kognitiewe vlak impliseer dit dat die persoon van meer letterlike en konkrete denke gebruik maak, dat sy aandag maklik afgelei kan word en dat die persoon dit moeilik vind om instruksies te volg tensy dit baie eenvoudig en herhaaldelik verduidelik word. Elke persoon sal egter op 'n individualistiese manier regressiewe gedrag toon (Nader, 2001:278).

Dit is duidelik uit die literatuur dat sowel kleuters as volwassenes van regressiewe gedrag gebruik maak om dieselfde redes. Vir die doel van die navorsing word daar slegs op regressiewe gedrag by die kleuter gefokus. Dit is verder die navorsing se interpretasie van die literatuur dat regressiewe gedrag by die kleuter sal voorkom wanneer die kleuter onseker, angstig of bedreig voel. Regressiewe gedrag vervul dus 'n funksie aan die kleuter, in die hantering van angs asook in kommunikasie met die ouer. Vervolgens word die ontwikkelingsvlak van die kleuter beskryf.

### **2.3 DIE ONTWIKKELINGSVLAK VAN DIE KLEUTER**

Ontwikkelingsielkunde het ten doel om na die ontwikkeling van die individu as 'n geheel te kyk. Die biopsigososiale ontwikkeling van die kleuter is hier ter sprake, met ander woorde ontwikkeling op biologiese vlak (fisiële ontwikkeling), psigologiese vlak (kognitiewe ontwikkeling en

persoonlikheidsontwikkeling) en sosiale vlak (Timberlake & Cutler, 2001:15). Die voorkoms van regressiewe gedrag kan al hierdie fasette van ontwikkeling strem.

Die negatiewe impak van stresvolle lewensgebeure op ontwikkeling kan op een van die volgende maniere in die kleuter se spel en proses gesien word:

- Agterstand of onderbreking van biopsigososiale groei en ontwikkeling.
  - Regressie na 'n vroeë ontwikkelingsvlak in respons op stresvolle en oorweldigende gebeure.
  - Herhalende spel wat fokus op die stressor en 'n afwesigheid van 'n kapasiteit vir verbeeldingsspel.
- (Timberlake & Cutler, 2001:15).

Vervolgens 'n bespreking van wat bedoel word met gesonde ontwikkeling by die kleuter.

### **2.3.1 Gesonde ontwikkeling**

Ongeag wat die ontwikkelingsvlak van die kleuter is, het gesonde kleuters 'n dinamiese respons tot die lewe. Die kleuter wat gesond ontwikkel, het die vermoë om beide pret en kreatiwiteit in sy spel te wys, asook om ondersteunende verhoudings met volwassenes asook hul portuurgroep te vorm. Gesonde ontwikkeling behels verder dat die kleuter die vermoë begin ontwikkel om dinge op sy eie te doen en nie op ander staat te maak vir onnodige hulp nie (Epps, Park, Huston & Ripke, 2005:163). Die kleuter wat regresseer vind dit moeilik om hierdie mate van outonomiteit te ontwikkel en probeer juis verhoed om dinge self te doen, aangesien hulle dit oorweldigend vind. Vervolgens 'n beskrywing van die ontwikkelingsteorie van Piaget.

### **2.3.2 Piaget se pre-operasionele stadium**

Die kleuter tussen drie en ses jaar bevind hom in Piaget se pre-operasionele stadium wat strek van twee tot sewe jaar. Piaget verwys na hierdie stadium as die pre-operasionele stadium aangesien daar nog nie operasionele denke ter sprake is nie. Operasionele denke verwys na die omkeerbaarheid van geïnternaliseerde breinoperasies, byvoorbeeld "as ek water in 'n beker gegooi het kan ek dit weer uitgooi" (Louw *et al.*, 2004:76-77). Piaget se teorie fokus op die kognitiewe ontwikkeling van die kind en plaas geen fokus op die emosionele ontwikkeling van die kind nie. Regressiewe gedrag kan dus nie sinvol aan die hand van Piaget se teorie verduidelik word nie. Kohlberg het egter die teorie van Piaget soos volg aangepas en uitgebrei.

### **2.3.3 Die uitbreiding van Piaget se teorie deur Kohlberg**

Kohlberg gebruik Piaget se teorie as 'n basis om na die volle ontwikkelingsdinamika van die kind te kyk. Alhoewel Kohlberg nie spesifiek melding maak van regressieve gedrag in sy teorie nie, verwys hy byvoorbeeld na sosiale fenomene soos die kind se sosiale gedrag en emosionele bindinge. Volgens Louw *et al.* (2004:220) het 'n veilige binding met die moeder tot gevolg dat die baba maklik van die moeder kan skei en sy wêreld kan verken. Wanneer die binding egter onvoldoende is, sal die baba meer klouerige gedrag toon en die kleuter meer geneig wees tot regressieve gedrag.

Die basiese aannames van Kohlberg se teorie is soos volg:

- Kognitiewe ontwikkeling vind wel plaas in die verskillende stadiums soos deur Piaget geïdentifiseer.
- Emosionele ontwikkeling loop parallel met kognitiewe ontwikkeling.

Sosiale ontwikkeling verwys na veranderinge wat plaasvind in die kind se selfkonsep soos die kind homself met ander mense vergelyk en meer

informasie bekom oor die sosiale omgewing (Berk, 2003:487). Die kleuter wat in hierdie ontwikkelingsfase is, begin dus bewus raak van die sosiale aspek van sy lewe.

Aan die hand van Kohlberg se teorie kan die navorsers die afleiding maak dat regressiewe gedrag deel vorm van die kleuter se pogings om nuwe ontwikkelingstake op beide emosionele asook sosiale vlak te bemeester. 'n Onvermoë om die spanning wat hierdie nuwe ontwikkelingstake impliseer, te hanteer, kan lei tot regressiewe gedrag. Vervolgens 'n bespreking van Erickson se teorie aangaande die kleuter se ontwikkeling.

#### **2.3.4 Erickson se stadium van inisiatief teenoor skuldgevoelens**

Volgens Erickson strek hierdie stadium vanaf ongeveer die derde tot die sesde lewensaar. Hierdie stadium word veral gekenmerk deur die kleuter se pogings om inisiatief te toon asook om die daaropvolgende ontwikkeling van skuldgevoelens te probeer beheer (Meyer *et al.*, 1997:228). Die kleuter behoort op 'n gereelde basis eie inisiatief te kan toon en 'n kleuter wat te klouerig en huilerig is (regressief optree), sal nie hierdie ontwikkelingstadium kan voltooi nie.

Hierdie ontwikkelingstadium gee aan die kleuter die geleentheid om sy wêreld te eksploreer. Wanneer hierdie ontwikkelingstadium suksesvol voltooi word, is die sintese volgens Erickson doelgerigtheid, wat gekarakteriseer word deur die vermoë om doelgerig en vol selfvertroue op te tree, sonder skuldgevoelens daaroor (Louw, Van Ede en Louw, 2004:52-53).

Volgens Erickson sal die kleuter reeds 'n sin van outonomiteit ontwikkel het. Hierdie sin van outonomiteit vir die kleuter is volgens Erickson geskoei op hulle aktiwiteite. Volgens Erickson is hierdie 'n gesonde situasie aangesien hierdie selfkonsep wat gegrond is op aktiwiteite, die inisiatief reflekter wat hulle nodig het om die lesse by die kleuterskool te leer. Die rol wat die ouer

speel in die voorkoms en hantering van regressiewe gedrag word vervolgens bespreek (Louw *et al.*, 1998:53).

## **2.4 DIE ROL VAN DIE OUER IN DIE VOORKOMS EN HANTERING VAN REGRESSIEWE GEDRAG BY DIE KLEUTER**

Dit is belangrik om die rol wat die ouer speel in terme van die voorkoms asook hantering van regressiewe gedrag by die kleuter te ondersoek. Die volgende aspekte wat bespreek gaan word, hou verband met die rol van die ouer.

### **2.4.1 Die veranderende gesig van die gesin**

Wêreldwyd is die gesin besig om te transformeer. Veranderinge op ekonomiese, sosiale, politieke, demokratiese en ander gebiede veroorsaak stressors op beide gesinsdinamika en individuele ontwikkeling (Violato, Oddone-Paolucci & Genius, 2000:xvi). Van die belangrikste veranderinge wat plaasvind, is:

- 'n Verhoging in seksuele vryheid.
  - Al hoe meer mense trou nie.
  - Dramatiese verhoging in egskeiding en tweede en derde huwelike.
  - Die getal vroue in die arbeidsmag het dramaties verhoog.
  - Daar bestaan 'n afname in die fertilitetskoers.
- (Frideres, 2000:25).

Hierdie veranderinge plaas groot druk op die gesin en veral, na die navorser se mening, op die ouer. Die navorser is verder van mening dat aangesien die ouer die kleuter se primêre bron van liefde, sekuriteit en fisiese versorging is, enige veranderinge binne die gesin moontlik tot 'n verlies aan sekuriteit en verwarring by die kleuter kan aanleiding gee. Regressiewe gedrag is die

kleuter se poging om hierdie gevoel van liefde, sekuriteit en versorging te herwin.

#### **2.4.2 'n Nuwe aankomeling in die gesinsisteem**

'n Nuwe baba in die gesin kan ook aanleiding gee tot regressiewe gedrag. 'n Groot verandering in die samestelling van die sisteem vind plaas en veroorsaak angs by die kleuter. Anderson Swedo en Leonard (1998:95) haal 'n moeder soos volg aan: "My five year old was dry every night for over a year, until we brought his baby sister home from the hospital". Volgens Anderson Swedo en Leonard (1998:95) kan hierdie geval van sekondêre enurese die gevolg wees van regressie wat deur emosionele spanning en onsekerheid veroorsaak is.

Een van die redes waarom die kleuter negatief kan reageer op die geboorte van 'n nuwe baba, is dat die ma tipies minder warm en spelerige interaksie met die kleuter het as gevolg van die eise wat die nuwe baba aan haar stel. Die kleuter reageer dan op hierdie situasie deur meer veeleisend te word, baie te huil en aan die ma te klou. Die pa kan hier 'n baie belangrike rol speel deur die tyd wat hulle met die ouer kind spandeer te vermeerder en dus in 'n mate vir die kleuter die balans te herstel (Shaffer, 1994:464).

Die navorser is van mening dat die voorbereiding van die kleuter op 'n nuwe baba, van die angs en onsekerheid oor die nuwe baba kan verhoed. Ouers behoort die kleuter voldoende voor te berei op die komst van die nuwe baba. Deur die kleuter ook betrokke te maak by die versorging van die baba en die kleuter te verseker van die liefde van albei die ouers kan baie van die aanpassingsprobleme in die gesin hanteer word.

### 2.4.3 Ouerlike konflik

Verskeie faktore kan die emosionele sekuriteit van die kleuter negatief beïnvloed, waarvan een van die vernaamstes ouerlike konflik is. Ander belangrike faktore binne die gesinsisteem wat die kleuter se emosionele sekuriteit beïnvloed is ouerskapspraktyke, gesinskohesie sowel as ouer-kind verhoudings.

Daar bestaan nie 'n direkte korrelasie tussen regressiewe gedrag en ouerlike konflik nie, maar navorsing het wel 'n korrelasie gevind tussen ouerlike konflik en aanpassingsprobleme by die kleuter. Regressiewe gedrag kan deel uitmaak van hierdie aanpassingsprobleme, veral by die kleuter (Davies, Gordon, Goeke-Morey & Cummings, 2002:13).

Die navorser kan uit bogenoemde literatuur die afleiding maak dat die ouer/se persepsies van regressiewe gedrag 'n groot rol speel in die dinamika van hierdie situasie. Dit is nie slegs die kleuter se gebruik van regressiewe gedrag as 'n hanteringsmeganisme teen angs wat hier ter sprake is nie, maar ook gedrag wat versterk kan word deur die ouer se hantering daarvan, en die ouer se hantering daarvan word grootliks bepaal deur die ouer se persepsie van regressiewe gedrag. Die navorser is van mening dat regressiewe gedrag dus 'n simptoom kan wees wat voortspruit uit die gesinsisteem.


## 2.5 REGRESSIE EN BEHOEFTEBEVREDIGING

Kleuters beskik oor 'n wye reeks komplekse behoeftes. Volgens Meyer *et al.* (1997:462) kan Maslow se behoeftehiërargie as 'n sinvolle raamwerk gebruik word om die behoeftes van die kleuter te bepaal.

Dit is veral die behoeftes van veiligheid en liefde wat op 'n gereelde basis bevredig behoort te word andersins kan dié kleuter regresseer. Die navorser

kan dus die gevolgtrekking uit die literatuur maak dat regressie by die kleuter kan voortspruit uit onvervulde behoeftes wat liefde en veiligheid insluit.

Maslow se hiërargie van behoeftes kan soos volg grafies voorgestel word:



**FIGUUR 2.1**  
**MASLOW SE HIËRARGIE VAN BEHOEFTES**

Die verskillende behoeftes van die kleuter word vervolgens bespreek en daar word telkens 'n verband tussen die onvervulde behoeftes en regressie getrek.

### **2.5.1 Veiligheidsbehoeftes**

Kleuters het die behoefte om veilig te voel. Waar daar 'n hoë vlak van onvoorspelbaarheid en onsekerheid is, voel kleuters onveilig. Die kleuter se behoefte om veilig te voel, is ook afhanklik van twee belangrike behoeftes, naamlik die behoefte aan duidelike grense asook die behoefte om verandering te kan hanteer (Roffey, 1997:60). Dit is dus nie slegs die fisiese veiligheid van die kleuter wat hier ter sprake is nie maar ook die emosionele sekuriteit van die kleuter.

Die kleuter se emosionele sekuriteit is ook in 'n groot mate afhanklik van die binding wat hy met die ouer ervaar. Bindingsteorieë beweer dat probleme wat ouers ervaar (veral in die vorm van emosionele afwesigheid), die moontlikheid sal verhoog dat die kleuter aanpassingsprobleme sal ervaar, aangesien die kleuter se emosionele sekuriteit nie voldoende is nie. Stabiele verhoudings met mense waarop die kleuter kan staatmaak, is die primêre bron van die kleuter se emosionele sekuriteit (Davies *et al.*, 2002:64).

### **2.5.2 Die behoefte aan duidelike grense**

Kleuters voel onveilig wanneer die grootmense met wie hulle daaglikse kontak het, nie duidelike grense stel nie. Die kleuter beskik nie oor die kennis, vaardighede of selfvertroue om onbeperkte vryheid te kan hanteer nie. Hulle dryf om onafhanklik te begin wees, beteken wel dat hulle grense sal toets maar dit is nodig dat hulle weet dat die grense daar is. Kleuters begin hulle eie grense ontwikkel en dit is belangrik dat die grootmense wat vir hulle sorg duidelik aan hulle kommunikeer wat hulle mag en nie mag doen nie, en wat hulle veilig sal hou (Roffey, 1997:60).

### **2.5.3 Die behoeft om verandering te kan hanteer**

Alhoewel verandering opwindend kan wees, kan dit ook vrees en onsekerheid vir die kleuter skep. Soos voorheen genoem, is die geboorte van 'n nuwe baba of die verandering van die samestelling van die gesinsisteem soms die oorsaak van verhoogde onsekerheid by die kleuter. Hierdie onsekerheid kan wel deur die versorger hanteer word deur informasie op 'n gepastevlak beskikbaar te stel oor wat die kleuter kan verwag en wat besig is om te gebeur (Roffey, 1997:60).

### **2.5.4 Die behoeft aan affiliasie en liefde**

Die behoeft aan affiliasie en liefde is die volgende sport op Maslow se behoeftehiérargie. Die behoeft aan affiliasie verwys na die kleuter se behoeft om aanvaar te word, om te behoort, asook om vriendelike interaksies met ander kinders te hê (Roffey, 1997:62). Soos voorheen genoem, is die gesig van die gesin besig om te verander. Die groot toename in enkelouergesinne kan moontlik tot gevolg hê dat die behoeft aan liefde nie heeltemaal vervul word nie (Meyer *et al.*, 1997:441).

### **2.5.5 Die behoeft om aanvaar te word**

Die kleuter het die behoeft om waardevol en belangrik te voel. Hierdie behoeft om aanvaar te word, sluit die volgende vanaf die ouers in:

- Ouerlike ondersteuning.
- Uitdrukking van warm of positiewe emosionele toon.
- Sensitiwiteit oor die kind se sielkundige welstand.
- Responsiwiteit tot die kind se psigososiale behoeftes.  
(Cummings, Davies & Campbell, 2000:176-177).

Positiewe versterking is belangrik om aan die kleuter se behoefté aan aanvaarding te voorsien (Cummings *et al.*, 2000:177). Die aanvaardig van die kleuter deur die ouers behoort onvoorwaardelik te wees. Die navorsing is van mening dat realistiese verwagtings van die ouers se kant af, afhanglik is van die kennis wat die ouers het oor hulle kleuter se huidige ontwikkelingsvlak. Om realistiese verwagtinge van die kleuter te hê, behels dus dat die ouer behoort te weet waartoe die kleuter in staat is en waartoe hy nie in staat is nie.

## 2.6 SAMEVATTING

Uit bogenoemde literatuur kan die navorsing die gevolgtrekking maak dat regressiewe gedrag 'n komplekse en dinamiese verskynsel is. Die konseptuele raamwerk wat in hoofstuk twee geskep is, het ten doel gehad om die leser in te lig aangaande die klassieke sowel as kontemporêre teorieë aangaande regressiewe gedrag. Die fokus van hoofstuk twee was verder om die ontwikkelingsvlak van die kleuter te omskryf sowel as faktore wat regressiewe gedrag se voorkoms kan beïnvloed.

In hoofstuk drie gaan die leser bekend gestel word aan die empiriese data, die navorsingsbevindinge wat spruit uit die empiriese data sowel as die kontrolering van die temas wat voortgespruit het uit die empiriese data met bestaande literatuur.

## **HOOFSTUK 3**

### **NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONROLE**

#### **3.1 INLEIDING**

Hoofstuk twee het as die navorser se konseptuele raamwerk gedien. Regressiewe gedrag is aan die hand van die literatuur gekonseptualiseer. Beide die klassieke teorieë, die werke van Sigmund Freud en Carl Jung, is bespreek terwyl kontemporêre teorieë oor regressie, wat grootliks geskoei is op die gebruik van regressiewe gedrag as 'n hanteringsmeganisme, ook bespreek is. Die ontwikkelingsvlak van die kleuter is bespreek aan die hand van Piaget, Kohlberg sowel as Erickson se teorieë. Die verband tussen die onvervulde emosionele behoeftes van die kleuter en die voorkoms van regressiewe gedrag is ondersoek aan die hand van Maslow se behoeftehiërargie.

In hierdie hoofstuk maak die navorser die bevindinge van die empiriese studie bekend. Die persepsies wat die deelnemers tydens die fokusgroepbespreking bekend gemaak het aangaande hulle kleuter/s se regressiewe gedrag word onder hooftemas sowel as subtemas gegroepeer en met bestaande literatuur gekontroleer.

#### **3.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Empiriese data is ingewin deur middel van een fokusgroep, wat saamgestel is uit ouers wie se kleuters reeds regressiewe gedrag getoon het, voor die aanvangs van die fokusgroep. Deelnemers is geïdentifiseer deur middel van vorms wat aan twee kleuterskole verskaf is en die navorser het die fokusgroep saamgestel uit die ouers wat gereageer het. Die kleuterskole wat genader is, was Flinkdink Kleuterskool en Asjassie Kleuterskool. Daar is dus van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak.

Die empiriese data wat ingewin is, beantwoord die navorsingsvraag vir die studie wat soos volg geformuleer is: Ouers se persepsies van regressiewe gedrag is onbekend. Moontlike wanpersepsies aangaande regressiewe gedrag by die kleuter kan by ouers bestaan. Wanpersepsies en 'n gebrek aan inligting maak dit vir die ouer onmoontlik om regressiewe gedrag op 'n empatiese en ouerdomsgepaste manier te hanteer.

Die stappe in die navorsingsproses wat gevvolg en eie is aan 'n fokusgroep word vervolgens bespreek.

### **3.3.1 Die beplanningsfase**

#### *3.3.1.1 Verfyning van die doelstelling van die navorsing*

Die doelstelling van die navorsing was om ouers se persepsies aangaande regressiewe gedrag by hulle kleuter te beskryf. Die navorser het gebruik gemaak van 'n definisie (sien 1.6.1) van die term "persepsie" om sodoende die data te verfyn. Die uitkoms van die navorsing was die verskillende persepsies van ouers aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag, gegronde op die definisie van persepsie. Vervolgens word die stappe bespreek wat die navorser gevvolg het om die nodige toestemming te verkry.

#### *3.3.1.2 Die verkryging van die nodige toestemming*

Eerstens is die toestemming van die kleuterskoolhoofde verkry om die inligtingsbriewe onder die ouers te versprei. In hierdie briewe is aan die ouers verduidelik wat die navorsing behels, sowel as 'n duidelike omskrywing van wat regressiewe gedrag behels. Slegs ouers wat aan die studie wou deelneem en regressiewe gedrag by hulle kleuter opgemerk het, is gevra om die vorms in te vul. So het hulle ingestem om aan die fokusgroep deel te neem en toestemming gegee dat die data in die navorsing gebruik kan word. Vervolgens bespreek die navorser die opstel van die tydlyn.

### *3.3.1.3 Die opstel van 'n tydlyn*

Die studie is beplan volgens 'n tydlyn. Die inwin van die empiriese data moes ook volgens 'n beplande tydlyn geskied. Potensiële datums is geïdentifiseer wat gebruik kon word vir die fokusgroepbesprekings. Hierdie datums is met die deelnemers bevestig sodat al die respondenten op die betrokke datum kon deelneem. Daar was slegs een datum waarop ses deelnemers kon deelneem. Vervolgens word die proses verduidelik waarvolgens die deelnemers geïdentifiseer is.

### *3.3.1.4 Die identifisering van die deelnemers*

Die navorsing het verskeie kleuterskole in die Pretoria-omgewing genader aangesien die kleuterskole die grootste bron van ouers met kleuters is, terwyl toegang tot die ouers ook so vergemaklik is. Die identifisering van die deelnemers is met die gebruik van inligtingsbriewe aan die ouers vergemaklik (sien 3.3.2).

### *3.3.1.5 Die opstel van vrae vir die groep*

Dit was belangrik dat die navorsing van die fokusgroep voor die tyd vrae formuleer vir leiding tydens die fokusgroep. Volgens Greeff (2005:303) is dit belangrik dat die fasilitateerde van die fokusgroep vrae opstel om tydens die fokusgroepbespreking te vra. Dit is verder van belang dat daar primêr oopeindevrae gevra word. Die fokusgroeplede se bespreking van die onderwerp lei egter die proses.

Die navorsing het die volgende vrae voor die tyd opgestel. Hierdie vrae is as basis gebruik om die bespreking te rig.

- Watter emosies dink jy ervaar jou kind as hy regressiewe gedrag toon?
- Watter rol speel jy as ouer in die voorkoms van regressiewe gedrag?

- Dink jy enige behoeftes van jou kleuter skuil agter regressiewe gedrag?
- Wat dink jy is die mees gepaste manier om regressiewe gedrag te hanteer?

Die volgende afdeling beskryf die werwingsproses van die deelnemers.

### **3.3.2 Die werwing van die deelnemers**

Inligtingsbriewe is aan Flinkdink Kleuterskool sowel as Asjassie Kleuterskool verskaf. Die kleuterskole het geen verpligting teenoor die navorser gehad nie. Die navorser het al haar persoonlike kontakbesonderhede op die inligtingsbriewe verskaf en gewag dat ouers reageer. Die ouers wat gereageer het en wat beskikbaar was op die datum van die fokusgroep, het die fokusgroep bygewoon.

Die navorser het verseker dat die kleuters van die ouers wat aan die fokusgroep deelgeneem het, wel regressiewe gedrag toon. Die term is breedvoerig aan die ouers verduidelik en die ouers is gevra om slegs te reageer indien hulle reeds regressiewe gedrag by hulle kleuter opgemerk het. Vervolgens 'n bespreking oor hoe die fokusgroep behartig is.

### **3.3.3 Die hou van die fokusgroep**

Een fokusgroep is gehou. Soos reeds genoem, was tydsbeperkinge en deelnemers wat nie opgedaan het nie, die rede waarom daar nie meer as een fokusgroepbespreking gehou is nie. Die navorser besef dat meer as een fokusgroep egter die ideaal sou wees. Die tydsduur van die fokusgroepbespreking was twee ure.

### **3.3.4 Analisering en rapportering van data**

Met die toestemming van al vier die deelnemers is die fokusgroepbespreking met 'n digitale opnemer sowel as 'n videokamera opgeneem, en daarna getranskribeer. Die persepsies wat die deelnemers tydens die fokusgroepbespreking bekend gemaak het aangaande hulle kleuter/s se regressiewe gedrag word onder hooftemas sowel as subtemas gegroepeer en met bestaande literatuur gekontroleer.

Vervolgens word die stappe in die data-insamelingsproses soos in hoofstuk een uiteengesit, bespreek.

#### *3.3.4.1 Beplanning ten opsigte van opneem van data*

Soos reeds genoem, is die fokusgroepgesprek deur middel van beide 'n digitale opnemer sowel as 'n videokamera opgeneem. Die navorser het nie notas tydens die fokusgroepbespreking gemaak nie, aangesien dit die vloei van die bespreking sou belemmer. Die data-insamelingsproses asook voorlopige analise van die data het soos volg daaruit gesien.

#### *3.3.4.2 Data-insameling en voorlopige analise*

Dié proses was tweeledig, en het bestaan uit die voorlopige analise van die data tydens die data-insamelingsproses, sowel as data-analise na afloop van die data-insamelingsproses. Die navorser het nie tydens die fokusgroepbespreking notas geneem nie, aangesien die navorser van mening was dat die neem van notas die spontane vloei van die fokusgroepbespreking sou belemmer. Na afloop van die fokusgroepbespreking het die navorser 'n voorlopige analise van die data gedoen deur die video-opname te bestudeer en notas te maak. Nadat die data ingesamel is, was die volgende belangrike stap om die data te bestuur en te organiseer.

### *3.3.4.3 Die bestuur en organisering van die data*

Hierdie stap was die eerste stap in die data-analiseproses na afloop van die fokusgroep. Die fokusgroepbespreking is vanaf die video-opname getranskribeer. Die transkribering self, is volgens De Vos (2005:336) 'n belangrike en sinvolle deel van data-analise en nie slegs 'n administratiewe taak nie. 'n Volgende belangrike aspek van hierdie stadium van die navorsing was om te verseker dat die data georganiseer is sodat die navorser maklik daartoe toegang het, asook dat die data nie verlore kon gaan nie. Vir dié rede het die navorser alle lêers op die rekenaar gekopieer en op alternatiewe diskette geberg.

### *3.3.4.4 Lees en notas maak*

Die navorser het die getranskribeerde data herhaaldelik gelees ten einde die data as 'n geheel te sien, voordat die analise van die data begin is en die geheel in kleiner dele opgebreek is (De Vos, 2005:337). Die navorser het opgelet na temas wat herhaaldelik in die gesprek voorgekom het asook na die dinamika tussen die deelnemers (Greeff, 2005:311). Die navorser het notas van laasgenoemde gemaak, ten einde die data-analise te vergemaklik. Die volgende belangrike stap was om kategorieë, temas en patronen in die data te identifiseer.

### *3.3.4.5 Generering van kategorieë, temas en patronen*

Temas wat herhaaldelik voorgekom het tydens die fokusgroepbesprekings is deur die navorser geïdentifiseer. Daarna het die navorser hierdie temas geklassifiseer in twee breë kategorieë, aangesien die definisie van persepsie na beide die indrukke van ouers aangaande regressiewe gedrag en die resultaat van hierdie indrukke verwys.

Die interpretering van die data het behels dat die navorser weergegee het wat sy uit die data kon wys word (De Vos, 2005:338). Die doelwit van data-analise was om neigings, asook herhalende patronen in die gesprek te identifiseer, wat volgens Greeff (2005:311) 'n integrale deel is van die data-analise van die fokusgroep. Hierdie neigings of herhalende patronen is in die vorm van hooftemas en subtemas gegroepeer. Vervolgens 'n verduideliking van die datakoderingsmetode wat die navorser gebruik het.

#### *3.3.4.6 Kodering van die data*

Die navorser het die getranskribeerde data gekodeer deur elke persepsie eerstens te ondersteek en daarna te nommer. Die persepsies wat meer as een keer voorgekom het, is dieselfde nommer gegee. Persepsies met dieselfde nommer is as subtemas gegroepeer onder hooftemas. Vervolgens 'n bespreking aangaande die navorser se toetsing van die begrip van die data.

#### *3.3.4.7 Toetsing van die navorser se begrip van die data*

Gedurende hierdie stap het die navorser die bruikbaarheid van die data geëvalueer. Sentraal tot hierdie stap was die evaluering van die data in terme van die beantwoording van die navorsingsvraag. Die data wat ingewin is, beantwoord wel die navorsingsvraag, daardeur is die geldigheid van die data bevestig. Die volgende stap wat die navorser geneem het om te verseker dat die data korrek geïnterpreteer is, was om alternatiewe moontlikhede uit te sluit.

#### *3.3.4.8 Soeke na alternatiewe moontlikhede*

Die navorser het krities na die data en temas gekyk wat na vore gekom het. Geen alternatiewe verduidelikings kon gevind word waarom die deelnemers dieselfde inligting gegee het nie. Gevolglik kon die navorser die gevolgtrekking maak dat die persepsies onder die groep deelnemers

aangaande regressiewe gedrag by hulle kleuter, in 'n groot mate ooreengestem het, en korrek geïnterpreteer is deur die navorsing. Die laaste stap in hierdie proses was om die resultate van die studie in 'n verslag saam te stel. Die bevindinge van die studie oor ouers se persepsies aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag word in verband gebring met 'n bestaande kennisgeheel en dit impliseer dus dat die literatuurkontrole aan die einde van die navorsingsproses gedoen moet word.

#### **3.3.4.9        *Die skryf van die verslag***

Tydens die finale stap het die navorsing die data wat ingewin is, saamgestel in leesbare vorm. Hierdie dokument is in die vorm van 'n verhandeling van beperkte omvang ingedien vir eksaminering.

Die volgende stap in hierdie studie was om 'n literatuurkontrole te doen.

#### **3.3.5 Biografiese data**

Vervolgens word die biografiese data van die deelnemers uiteengesit.

- *Ouderdom van deelnemers*
  - Deelnemer 1: 32 jaar
  - Deelnemer 2: 37 jaar
  - Deelnemer 3: 31 jaar
  - Deelnemer 4: 35jaar
  
- *Geslag van deelnemers*
  - Deelnemer 1: Vroulik
  - Deelnemer 2: Manlik
  - Deelnemer 3: Vroulik

- Deelnemer 4: Vroulik
  - *Ouderdom van kleuters van deelnemers*
  
- Deelnemer 1: 3 en 4 jaar
- Deelnemer 2: 5 jaar
- Deelnemer 3: 5 jaar
- Deelnemer 4: 3 jaar
  
- *Geboorte-orde van kleuters van deelnemers*
  
- Deelnemer 1: albei kinders is kleuters
- Deelnemer 2: Jongste van twee
- Deelnemer 3: Enigste kind
- Deelnemer 4: Jongste van twee
  
- *Huwelikstatus van deelnemers*
  
- Deelnemer 1: Getroud
- Deelnemer 2: Getroud
- Deelnemer 3: Geskei
- Deelnemer 4: Getroud

### **3.3.6 Empiriese data: Persepsies van ouers aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag**

Vervolgens word die empiriese data van die studie weergegee.

Die woord "persepsie" verwys na die "opneem van indrukke in die bewussyn asook die resultaat daarvan" (Schoonnees *et al.* [S.a.] ). Vir die doel van hierdie navorsing verwys persepsies na die indrukke waarvan ouers bewus is

aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag, asook die resultaat van hierdie indrukke in terme van hoe hulle hierdie gedrag sien.

In totaal is ses temas geïdentifiseer, waarvan vyf gegroepeer is onder die indrukke wat ouers het aangaande regressiewe gedrag en een as die resultaat van daardie indrukke. Die temas word telkens genoem en die subtemas word daaronder geïdentifiseer. Elke subtema word ondersteun deur middel van direkte aanhalings van die deelnemers. 'n Literatuurkontrole word gedoen vir elke tema asook vir die subtemas wat daarmee verband hou.

Die vyf temas wat vervolgens bespreek word, kan as die ouers se indrukke aangaande regressiewe gedrag beskou word.

### *3.3.6.1 Tema 1: Regressiewe gedrag is 'n respons van die kleuter op 'n traumatische gebeurtenis*

Vervolgens word die verskillende traumatische gebeurtenisse wat deur die deelnemers geïdentifiseer is, weergegee.

- **Subtema 1.1 Regressiewe gedrag kom voor wanneer die kleuter geforseer word om iets prys te gee waarvoor hy nog nie gereed is nie**

Deelnemer 1: "*dit was my sussie se skoonma wat gesê het jy haal die kind nou af of sy nou reg is of nie, dit is nogal my gevoel gewees as hulle nog nie reg is om van die bottel af te gaan nie sal hulle miskien wil teruggaan. Dis nogal hoe ek gevoel het.*"

Deelnemer 1 :"*...hier van November het ons vir haar gesê as sy nou mooi van die doek en van die bottel afgaan dan sal ons vir haar 'n opblaasswembadjie koop, omdat sy die volgende jaar moet kleuterskool toe gaan. Binne drie dae het sy die doeke en die bottel gelos, en sy het haar swembadjie gekry, en sy*

*is kleuterskool toe. So, sy het 'n paar aande teruggegaan en gesê sy soek haar bottel, en toe het ek vir haar gesê maar onthou jy werk vir jou swembadjie..."*

- **Subtema 1.2 Die kleuter sal regresseer as hy moeilik by 'n nuwe situasie aanpas**

Deelnemer 1: "*Ek dink met die natmaak, dit was maar net om te kyk of sy dalk kan teruggaan dagmoeder toe, want sy kon al mooi verstaan het as sy voel sy wil toilet toe gaan, dan hardloop sy en dan gaan sy toilet toe. So ek dink dis nou maar omdat sy nie lekker kon aanpas nie, maar sy het toe nou mooi aangepas.*"

Deelnemer 2: "*Ons het dit drie keer gehad. Die eerste keer was met die verandering van skool. Umm, hy het "Potties" voltooi en toe ons skole skuif nadat hy sy "Potty program" heeltemaal deurgegaan het, toe is hy geskuif na 'n ander klas toe moes hy weer teruggaan na sy Potties program toe.*"

Deelnemer 3: "*Ja ek is geskei toe sy drie jaar oud was en dis asof sy meer geheg geraak het aan my. Sy sou byvoorbeeld sommer begin huil as ek iets wou gaan doen het, of ek los haar by ouma of so , dan huil sy, dan dink sy ek kom seker ook nie terug nie. Ek weet nie.*"

Deelnemer 4: "*Ja, die kleintjie was nog nie regtig, okay net skoolverandering, en dit was maar net 'n huilery in die oggende en toe het sy begin glipsies kry..."*

- **Subtema 1.3 Regressiewe gedrag kan voorkom in reaksie op 'n sib/of maat se siekte/hospitalisering**

Deelnemer 1: "...maar as die een siek is, sal die ander een die bed natmaak."

Deelnemer 3: "*n Vriend van ons se dogtertjie was in die hospitaal gewees, en sy is nou al redelik groot en sy dra nog doeke, en dummy en bottel, en toe wil Monique ook toe ons by die huis kom, toe wil sy ook 'n doek aansit en sy wil ook 'n dummy hê, maar sy het dit net so vir 'n rukkie gedoen...*"

- **Subtema 1.4 Regressiewe gedrag dui op 'n probleem wat die kleuter ervaar**

Deelnemer 2: "...of een uur in dieoggend is hy by ons dan kan hy dit nie handle nie dit is definitief 'n area waar hulle dan teruggaan, dit is die problematiese areas".

Deelnemer 2: "...daar's iets wat pla en ek weet nie hoe om daaroor te praat nie."

Deelnemer 4: "...want daar is 'n probleem..."

Deelnemer 4: "om uit te vind wat is fout..."

- **Subtema 1.5 Regressiewe gedrag is 'n teken van skok of angs**

Deelnemer 2: "...hulle het aangehardloop en gesê "Mommy's bleeding, Mommy's bleeding" en hulle was altwee sopnat, so skok hanteer hulle nie baie goed nie ..."

Deelnemer 2: "...maar as hy oor iets onseker is of hy is bang, hy wil begin vinger suig maar hy weet ek gaan met hom hard praat as hy sy vinger suig , dan sê hy vir my "Tata-tata", dan kom dit in sy spraak uit..."

- **Subtema 1.6 Regressie is 'n hanteringsmeganisme**

Deelnemer 2: "...As dit moeilik raak en hulle pik op die kind by die skool , en as hy voel hierdie is nie my lyn nie, ek kan dit nie hanteer nie dan sal hy regress..."

Deelnemer 2 "...en aan die ander kant is dit hulle manier om te sê hierdie is my manier om dit te hanteer."

- **Literatuurkontrole ten opsigte van tema een**

Die DSM-IV-TR (2000:463) definieer 'n traumatische gebeurtenis soos volg:

...an event that involves actual or threatened death or serious injury, or other threat as to one's physical integrity; or witnessing an event that involves death, injury, or a threat to the physical integrity of another person; or learning about unexpected or violent death, serious harm, or threat of death or injury experienced by a family member or other close associate.

Kaner (2005:37) beskryf regressive as die individu se onvermoë om 'n stresvolle en veeleisende situasie te hanteer wat dan veroorsaak dat daar na 'n vorige stadium van ontwikkeling gegaan word. Gebruikmaking van hierdie hanteringsmeganismes help die kleuter om 'n mate van bemeesterding te bereik ten opsigte van verwarringende situasies (Timberlake & Cutler, 2001:290).

Die navorser is van mening na aanleiding van bogenoemde literatuur dat wanneer 'n kleuter geforseer word om iets prys te gee waarvoor hy nog nie gereed is nie, die kleuter hierdie verwarringende situasie sal probeer hanteer deur te regresseer na 'n vorige ontwikkelingsstadium. Die vorige

ontwikkelingsstadium stel nie hierdie eis aan die kleuter waarvoor hy nog nie gereed is nie.

Volgens Berk (2003:600) is voorskoolse kinders wat onvolwasse gedrag toon gewoonlik angstig en hulle beskik nie oor die vermoë om angstigheid te reguleer nie. Volgens die psigoanalitiese teorie word ego-verdedigingsmeganismes deur die individu gebruik om angs te hanteer (Corey, 2001:71). Die voorskoolse kind se pogings om situasies te hanteer wat verwarring geïncarneer is asook om 'n mate van bemeesteriging te bereik, sluit gewoonlik 'n kombinasie van die volgende hanteringsmeganismes in: ontkenning, distansiëring, regressie of die herhaalde herordening van gebeure (Timberlake & Cutler, 2001:290).

Die navorsers is van mening dat dit uiters stresvol kan wees vir 'n kleuter om aan te pas by 'n nuwe situasie en dat regressiewe gedrag die situasie vir die kleuter meer hanteerbaar maak. Die navorsers is verder van mening dat regressiewe gedrag die kleuter se angsvlakte verlaag aangesien die terugkeer na 'n vorige ontwikkelingsstadium impliseer dat die kleuter minder stres in daardie stadium ervaar het.

Regressiewe gedrag is veral opmerklik by kinders in tye van spanning wanneer hulle regresseer op emosionele vlak en ook met hul liggaamsfunksies (Schmidt Neven, 1996:259). Die kleuter verloor beheer oor 'n liggaamsfunksie wat reeds bemeester is (byvoorbeeld om droog te bly). Sekondêre enurese en enkoprese (met ander woorde die kind het reeds blaasbeheer en stoelgang bemeester maar hy vind weer probleme met laasgenoemde) is 'n vorm van regressiewe gedrag en daar bestaan geen urologiese of neurologiese patologie wat daartoe aanleiding gee nie (Kendal, 2000:158). Selfs groter kinders wat traumatiese gebeurtenisse herleef, kan weer begin om hulle bed nat te maak, baie lank nadat die stressor verdwyn het (Holland, 2001:129).

Die navorser is van mening dat die voorkoms van regressie in die vorm van 'n verlies van beheer van die liggaamsfunksies op die onbewustelike aard van regressiewe gedrag dui. Die navorser is van mening dat die kleuter nie willekeurig bed natmaak nie. Die navorser is van mening dat regressiewe gedrag in reaksie op 'n sib se siekte toon dat trauma op 'n onbewustevlak ervaar word.

Die kleuter wat klouerige gedrag toon in situasies waar optrede van sy kant vereis word, maar 'n mate van onafhanklikheid toon deur in ander situasies maklik van die ouer te skei, toon regressiewe gedrag (Louw *et al.*, 2004:222). Volgens Timberlake en Cutler (2001:290) gaan klouerige gedrag dikwels gepaard met klaerige gedrag. Een van die betekenisvolste gebeurtenisse wat kan aanleiding gee tot hierdie tipe klaerige gedrag, is 'n egskeiding.

Gedurende 'n egskeiding voel kinders tipies skuldig, depressief en angstig. Sielkundige aanpassing is moeilik veral in die eerste jaar na die egskeiding en sommige kleuters gaan agteruit in hul sielkundige ontwikkeling (regressie). Die kind wie se ouers geskei het, ervaar 'n groot verlies naamlik die verlies aan interaksie met een van die ouers op 'n daaglikse basis (Lamanna & Riedmann, 2006:494).

Daar bestaan verskillende teorieë oor waarom 'n egskeiding vir 'n kleuter 'n traumatische gebeurtenis kan wees:

- Die **lewensstressor-perspektief** veronderstel dat aangesien 'n egskeiding 'n stresvolle gebeurtenis vir volwassenes kan wees, dit ook 'n stresvolle gebeurtenis vir die kleuter kan wees.
- Die **verlies aan 'n ouer-perspektief** beweer dat die verlies aan een van die ouers se liefde en aandag die stresvolste is vir die kleuter om te hanteer.
- Die **sielkundige aanpassing-perspektief** beweer dat die toesighoudende ouer se sielkundige aanpassing tot die egskeiding 'n

direkte impak sal hê op die kwaliteit ouerskap wat die kleuter ontvang.

Dié ouer is geneig om minder tyd saam met hulle kinders te spandeer, het minder reëls (wat onsekerheid veroorsaak by die kleuter), is strenger en raak ook meer betrokke in konfliksituasies met hulle kinders as ouers wat nie geskei is nie.

- Die **ekonomiese stryd-perspektief** beweer dat die ekonomiese stryd wat gewoonlik volg na die egskeiding primêr verantwoordelik is vir die probleme wat die kinders ten opsigte van egskeiding ervaar.
- Die **ouerlike konflik-perspektief** beweer dat die konflik tussen die ouers beide voor die egskeiding, tydens die egskeiding en ná die egskeiding die grootste bydraende faktor is tot die kleuter se stresvlakke (Lamanna & Riedmann, 2006:499).

Uit bogenoemde literatuur is dit vir die navorser duidelik dat die trauma wat gepaard gaan met 'n egskeiding wel tot regressiewe gedrag by die kleuter kan lei. Die navorser is van mening dat dit nie die egskeiding op sigself is wat die trauma veroorsaak nie, maar die ouers se hantering van die situasie. Egskeiding is nie ideaal vir die kleuter se emosionele welstand nie maar die navorser is van mening dat albei ouers, met die regte empatiese sowel as ouderdomsgepaste hantering van die situasie, 'n verskil kan maak.

Voorskoolse kinders is geneig om te regresseer wanneer hulle op een of ander manier misbruik word. Veral seksuele misbruik kan lei tot gedrag soos 'n agteruitgaan in toiletonderrig, terugkeer na die gebruik van babataal sowel as duimsuig (Tyler & Gregory, 1999:383). Selfs klein gebeurtenisse in die kind se lewe wat op hule eie nie veel stres veroorsaak nie, kan vir die kleuter en die gesin as geheel stresvol wees as hulle kort na mekaar plaasvind, byvoorbeeld 'n nuwe baba in die gesin gevvolg met 'n verhuisning en 'n verandering in skool (Lamanna & Riedmann, 2006:455).

Volgens Gil (2006:8) blyk dit dat kinders emosionele wonde op een van twee maniere probeer hanteer. Die eerste manier is om dit wat pynlik is, te

probeer bemeester ten einde weer 'n gevoel van beheer te herwin en die tweede manier is om die pynlike situasie te probeer vermy. Regressie val dus in die tweede kategorie aangesien dit aan die kind 'n wegkruipplek verskaf.

### *3.3.6.2 Tema 2: Die kleuter wat regresseer, het 'n sekere motief*

Die volgende subtemas is deur die deelnemers geïdentifiseer as motiewe wat agter die kleuter se regressieve gedrag skuil.

- **Subtema 2.1 Regressieve gedrag kom soms voor omdat die kind gedrag wat verleer is, weer wou ervaar**

Deelnemer 3: "*n Vriend van ons se dogtertjie was in die hospitaal gewees, en sy is nou al redelik groot en sy dra nog doeke, en dummy en bottel, en toe wil Monique ook toe ons by die huis kom toe wil sy ook 'n doek aansit en sy wil ook 'n dummy hê, maar sy het dit net so vir 'n rukkie gedoen en toe sien sy dis nie so lekker storie nie. Sy wou net voel hoe voel dit.*

Deelnemer 3:*"en sy wou dit net self ondervind, so ek het dit maar laat gebeur..."*

- **Subtema 2.2 Regressieve gedrag kan voorkom wanneer 'n nuwe baba in die gesin veroorsaak dat die ouer kind dieselfde behandeling wil hê as die baba**

Deelnemer 2: "...die tweede keer wat ons dit ondervind het, was toe sy broer bygekom het en toe gaan hy weer terug, en toe maak hy weer sy broek nat en wou hom gedra soos sy broer en dieselfde tipe behandeling kry".

Deelnemer 4: "...en as jy te lank of te veel aandag aan babatjie gee en niks aan die groter een, dan gaan die groter een soos 'n babatjie begin raak , dan is ek ook 'n babatjie dan gaan ma en pa aan my ook meer aandag kan gee..."

- **Subtema 2.3 Regressiewe gedrag**  
**is 'n vorm van aandagsoek (Negatiewe sowel as positiewe aandag)**

Deelnemer 1: "*Sy konsentreer so hard om te huil om aandag te kry sy weet nie meer wat sy wil hê nie.*"

Deelnemer 1 "...terwyl die ouer een begin kla en kerm om aandag te kry."

Deelnemer 1 "...as mens by die huis kom, is daar maar baie goed wat gedoen moet word, en dan soek hulle ook aandag, dan is dit moeilik."

Deelnemer 3: "Nee, ek dink dis maar meer net aandagsoek omdat ons gejaagd lewe."

Deelnemer 3: "Ja, soos ek sê, dis so gejaagd, sy sal dan aspris iets doen dat ek nou eers met haar moet raas."

Deelnemer 3: "Ja, want sy weet ek gaan nou alles los en ek gaan nou met haar kom praat, so ek dink sy doen dit aspris."

Deelnemer 2: "Ek dink dit is aandag op 'n manier, aan die een kant probeer hulle 'n boodskap by my uitkry en aan die ander kant is dit hulle manier om te sê hierdie is my manier om dit te hanteer..."

Deelnemer 4: "Ja, maar nie op 'n negatiewe manier nie hy soek aandag, want daar is 'n probleem, ek het 'n behoefté, al is dit net om met jou te praat of hy wil iets onder jou aandag bring."

- **Subtema 2.4 Regressiewe gedrag is doelgerig**

Deelnemer 1: "My oudste een het die melk gesteel. Sy het die melk uit die bottel gevat en in 'n bakkie gesit dan eet sy dit soos wat jy sop eet." "So ek weet nie of sy regtig weer 'n babatjie wou wees dan en of sy maar net die melkies wou hê nie. Dit was maar net vir haar lekker gewees".

Deelnemer 1: "...as ek weer sien het sy haar natgemaak en dan umm toe het ek nou maar gedink dis seker nou maar umm, dat sy wil teruggaan na die dagmoeder toe want sy het geweet as sy doek dra, gaan sy weer teruggaan dagmoeder toe."

Deelnemer 3: "'n Vriend van ons se dogtertjie was in die hospitaal gewees, en sy is nou al redelik groot en sy dra nog doeke, en dummy en bottel, en toe wil Monique ook toe ons by die huis kom toe wil sy ook 'n doek aansit en sy wil ook 'n dummy hê, maar sy het dit net so vir 'n rukkle gedoen en toe sien sy dis nie so lekker storie nie. Sy wou net voel hoe voel dit."

- **Subtema 2.5 Regressiewe gedrag is die kommunikasie van 'n sekere behoeftte van die kleuter aan die ouer**

Deelnemer 4: "...ek het 'n behoeftte..."

Deelnemer 4: "...al is dit net om met jou te praat of hy wil iets onder jou aandag bring."

Deelnemer 1: "...aan die een kant probeer hulle 'n boodskap by my uitkry..."

- **Literatuurkontrole ten opsigte van tema twee**

Die literatuur beaam dat een van die situasies wat veral aanleiding tot regressiewe gedrag kan gee, die geboorte van 'n nuwe baba in die gesin is (Louw *et al.*, 2004:222). Die kleuter reageer op hierdie situasie deur meer veeleisend te word, baie te huil en aan die ma te klou (Shaffer, 1994:464).

Die kleuter kan verskeie reaksies toon as gevolg van die nuwe aankomeling, byvoorbeeld hulle kan meer veeleisend raak, "stout wees of regresseer na 'n vorige ontwikkelingsstadium (Louw *et al.*, 2004:297).

Die navorser is van mening dat dit nie werklik die toevoeging van 'n nuwe baba is wat die kleuter laat onseker voel nie, maar die verandering in die ouers se optrede teenoor die kleuter, asook 'n verandering in die werkslading van die ouers wat hulle minder vrye tyd gee om dieselfde hoeveelheid aandag aan die kleuter te gee as voor die geboorte van die baba.

Die kleuter se persepsie van ouerlike aandag staan bekend as die "naïve theory of affection". Hierdie teorie stel voor dat die kleuter redeneer dat die hoeveelheid aandag wat die ouer vir sy kinders gee kan opraak. Die kleuter glo dat die hoeveelheid aandag wat die ouer gee vasgestel is en tussen die kinders verdeel word. (Le Poire, 2006:127).

Sibbe sien mekaar as kompetisie vir hulle ouers se aandag en kompeteer dus vir die beperkte hoeveelheid aandag wat as 'n skaars kommoditeit binne die gesin beskou word (Le Poire, 2006:127). Volgens Louw *et al.* (2004:297) behoort die ouer hierdie gevoelens wat die kleuter ervaar, te minimaliseer deur tyd opsy te sit wat met die kleuter spandeer word in die afwesigheid van die baba.

Berk (in Louw *et al.*, 297-298) maak die volgende aanbevelings aan ouers om 'n beter verhouding tussen die kleuter en die nuwe baba te bewerkstellig:

- Alleentyd saam met die kleuter weg van die baba.
- Die kleuter moet gelief en spesiaal voel.
- Wees geduldig met die kleuter as hy baie aandag wil hê.
- Verseker dat daar geleenthede is vir die kleuter om trots te voel dat hy/sy die oudste is.

- Verduidelik aan die kleuter hoe die baba die wêreld om hom ervaar om sodoende die kleuter te help om die baba se intensies te verstaan.

Aandagsoek in die vorm van regressiewe gedrag is volgens die navorser 'n definitiewe moontlikheid in 'n huishouding waar daar 'n kompetisie is vir aandag tussen 'n kleuter en 'n baba en selfs tussen 'n kleuter en groter sibbe. Volgens Nader (2001:278) kan regressie verkeerdelik geïnterpreteer word as luiheid, ongehoorsaamheid of aandagsoekende gedrag. Die navorser is van mening dat die situasie wat aanleiding gegee het tot die kleuter se regressiewe gedrag wel soms kan aanleiding gee daartoe dat die kleuter regressiewe gedrag gebruik om die ouer se aandag te kry.

Die toevoeging van addisionele kinders tot die gesin dra verder by tot die rolle wat die ouer daagliks moet vervul tesame met die veeleisende rol van ouerwees. Die werkslading van kindersorg sowel as die werkslading wat die individu reeds buite die huis het in sy werksplek, bemoeilik die taak van die ouer verder (Le Poire, 2006:21). Volgens Huston en Holmes (in Le Poire 2006:21) vermenigvuldig huishoudelike take wat verband hou met 'n kind die ouers se take sesvoudig.

Kleuters beskik oor 'n wye reeks komplekse behoeftes. Volgens Meyer *et al.* (1997:462) kan Maslow se behoeftehiërargie as 'n sinvolle raamwerk gebruik word om die behoeftes van die kleuter te bepaal. Die navorser is van mening dat die kleuter wel regressief sal optree om aan die ouer te kommunikeer dat hy liefde en aandag nodig het; die kleuter maak juis van regressiewe gedrag gebruik aangesien hy redeneer dat as hy soos 'n babatjie optree hy ook so baie aandag sal kry soos die babatjie. Die navorser is verder van mening dat hierdie egter 'n komplekse verskynsel is waar die dinamika tussen ouer en kleuter en die ouer se reaksie op regressiewe gedrag ook 'n rol speel.

Soos wat die kleuter groter word, word hy al hoe meer in staat om deur middel van verbale sowel as nie-verbale maniere sy denke, gevoelens en behoeftes te kommunikeer (Haslett & Samter, 1997:244). Die navorser is van

mening dat hierdie kommunikasie vanaf die kleuter aan die ouer oor sy behoeftes nie 'n bewuste proses is nie. Die kleuter ervaar 'n leemte wat hom onseker en angstig laat voel en regressiewe gedrag is dikwels die gevolg daarvan. Die navorser is van mening dat die kleuter nie regressiewe gedrag gebruik om die ouer te manipuleer nie, maar dat onvervulde emosionele behoeftes op 'n onbewuste manier gekommunikeer word.

Volgens Louw *et al.* (2004:283) veroorsaak die kleuter se verbetering in taalvermoë dat die kleuter kan begin om taal te gebruik om hulle emosies (en ander mense sin) te begin beskryf. Tesame met hierdie verhoogde taalvermoë ontwikkel die kleuter ook die vermoë om emosies te interpreteer, te antisipeer en te verander. Met ander woorde, emosionele intelligensie begin ontwikkel.

Die navorser is van mening dat die kleuter se vermoë om emosies te begin verstaan, die kleuter bemagtig en sal help in sy sosiale interaksie met ander. 'n Minder angstige kleuter sal die gevolg wees en dus ook 'n kleuter wat minder regresseer en selfonderhouwend sal kan optree indien die situasie dit van die kleuter vereis.

### **3.3.6.3 Tema 3: Die ouer speel 'n belangrike rol in die voorkoms van regressiewe gedrag**

Die volgende subtemas bevat inligting wat by die deelnemers bekom is aangaande hulle rol as ouers in die voorkoms van regressiewe gedrag.

- **Subtema 3.1: Ouers behoort regressiewe gedrag in die vroeë stadium op te merk en die kleuter te help om meer beheer daaroor te hê**

Deelnemer 2: "...so as ons as ouers vir hulle die nodige aandag gee veral in daardie area waar hulle die probleem het, as ons dit vroeg op tel dan kan

*hulle die bednatmaak beheer, as jy dit nie doen nie en die kind moet dit self deurgaan dan sal hulle hierdie doen..."*

- **Subtema 3.2 Regressiewe gedrag  
is 'n simptoom wat voortspruit uit ouers se gejaagde lewenstyl**

Deelnemer 3: "*Nee, ek dink dis maar meer net aandagsoek omdat ons gejaagd lewe, ook ek is altyd besig met iets in die huis en dan moet sy maar haarself besig hou.*"

Deelnemer 1: "*So dit is maar tyd definitief as mens by die huis kom, is daar maar baie goed wat gedoen moet word, en dan soek hulle ook aandag, dan is dit moeilik.*"

- **Subtema 3.3 Die kleuter sal nie regresseer as die ouer hom help om sy emosies te hanteer nie**

Deelnemer 1:"... maar die oudste een het sommer partykeer in die aande gehuil dan vra ek haar wat's fout dan sê sy, nee sy voel nie lekker nie, want sy verlang na my ouma maar dit het haar nie agteruit, jy weet, regressief gemaak nie , want sy het haar emosies hanteer, sy het gehuil daaroor, ons het mooi gepraat daaroor, ons het hulle na die graf toe gevat, ens."

- **Subtema 3.4 Die ouer moet by die kern van die probleem kom wanneer die kleuter regresseer**

Deelnemer 4:" ...en om by die kern van die probleem te probeer uitkom..."

Deelnemer 4:" *om uit te vind wat is fout...*"

Deelnemer 2: "...daar's iets wat pla en ek weet nie hoe om daaroor te praat nie..."

- **Subtema 3.5 Ouers is onseker oor hoe om regressiewe gedrag te hanteer**

Deelnemer 3: "*Ek het gevoel, wat nou en onseker oor hoe om dit te hanteer want as enkelouer, wat doen jy nou?*"

Deelnemer 3: "*Om meer geduldig te wees en meer tyd te spandeer, maar...*"

Deelnemer 1: "*So dit is maar tyd definitief as mens by die huis kom is daar maar baie goed wat gedoen moet word, en dan soek hulle ook aandag, dan is dit moeilik.*"

- **Literatuurkontrole ten opsigte van tema drie**

Die ouer se persepsie van regressiewe gedrag by sy kleuter word in 'n groot mate beïnvloed deur sy ouerskapstil. Die verskillende ouerskapstyle, naamlik utoritêr, permissief en demokraties, kan gesien word as persepsies wat ouers het oor hoe hulle glo 'n kind grootgemaak moet word. UTORITÊRE ouers glo dat kinders se impulse beheer moet word deur streng reëls wat geskoei is op hulle morele waardes. Permissiewe ouers laat alle gedrag toe. Hierdie is dus die twee ekstreme punte van 'n kontinuum en beide persepsies hou negatiewe gevolge vir die kind in. Die gesonder uitkyk op die kind se gedrag is 'n demokratiese houding, waar daar wel reëls is maar dit onderhandelbaar is (Le Poire, 2006:252).

Die navorser is van mening dat die ouer met die demokratiese ouerskapstil, die bevoegste sal wees in die hantering van regressiewe gedrag aangesien die ouer nie regressiewe gedrag sal straf of ignoreer nie maar sal ondersoek waarom die kleuter wel hierdie gedrag toon en 'n oplossing daarvoor soek.

Doyle (2003:105) sien regressie as 'n verskynsel met verskillende fasette en bevestig dat dit herken en bestuur kan word deur kliniese personeel, opvoedkundiges en ouers. Vandag se ouers se lewe is baie gejaagd, die tradisionele gesinstruktuur van 'n manlike broodwinner en vroulike tuisteskepper, ma en vrou verteenwoordig 'n minderheid van moderne gesinne (Ford, 1996:38).

Ouers kan na die mening van die navorser, 'n pro-aktiewe rol speel in die voorkoming van regressiewe gedrag deur aan al hulle kleuter se emosionele behoeftes te voldoen. 'n Sekere mate van regressiewe gedrag is nie abnormaal nie maar behoort deur die ouers bestuur te word. Dit is die mening van die navorser dat ten spyte van die moderne gejaagde lewe dit tog moontlik is om aan die emosionele behoeftes van die kleuter te voldoen. Soos voorheen genoem, is dit van groot waarde as die ouer tyd opsy sit wat slegs vir die kleuter bedoel is.

Om by die kern van die probleem uit te kom, verg effektiewe kommunikasievaardighede by die ouer. Die ouer wat effektief met sy kleuter kan kommunikeer, sal in staat wees om wel sy kleuter by te staan wanneer regressiewe gedrag voorkom. Volgens Le Poire (2006:16) kan dag-tot-dag kommunikasie binne die gesin ,eentonig en oppervlakkig wees, tensy die ouer 'n doelbewuste poging maak om met die kleuter te kommunikeer.

Die navorser is van mening dat die ouer kommunikasie in die gesin op 'n gesonde vlak behoort te handhaaf ten spyte van die gejaagdheid. Dit kan groot satisfaksie vir die lede van die gesin verskaf en ook die emosionele welstand van die kleuter en ander sibbe bevorder.

Die navorser is van mening dat die kleuterstadium 'n uitdagende en soms uitputtende stadium is vir die ouer, aangesien die ontwikkelingstake van die kleuter onder andere insluit om outonomie en onafhanklikheid van die ouer te bekom. Die ouer wat alles kon beheer tydens die babastadium, naamlik die

kos wat die baba eet, die klere wat die baba aantrek en die tye wat die baba slaap, word nou gekonfronteer deur 'n kleuter wat begin om self hierdie besluite te probeer neem. Wanneer die kleuter tesame met hierdie gedrag (wat die ouer baie keer as 'n wilstryd beleef) ook regressiewe gedrag toon, kan dit baie uitputtend wees vir die ouer. Vir die ouer om dan geduldig te wees met die kleuter is 'n uitdaging, maar die navorsing toon dat dit van uiterste belang is.

Die korrekte ouerskapstyl sal bydrae tot die ouer se vermoë om geduldig te wees met die kleuter, asook bydrae tot die kleuter se emosionele styl (Berk, 2003:410). Volgens Berk (2003:31) is die taak van die ouer om fisies gesonde, asook kognitief en emosioneel bekwame kinders groot te maak. Die kleuter leer in 'n groot mate emosionele regulering by die ouer en as die ouer nie geduldig is wanneer die kleuter regressiewe gedrag toon nie, is dit nie net skadelik vir die kind nie, maar leer dit ook die kind om ongeduldig op te tree (Berk, 2003:402).

'n Verdere punt van belang, volgens die navorser, is dat die ouer wat ingelig is en sy kleuter se ontwikkelingstake verstaan in staat sal wees om meer geduldig te wees as die ouer wat nie die kleuter se ontwikkelingstake verstaan nie. 'n Gebrek aan die nodige kennis kan daartoe lei dat die ouer regressiewe gedrag verkeerdelik interpreteer as blote aandagsoek of stoute gedrag en die boodskap wat die kleuter probeer kommunikeer of trauma wat die kleuter manifesteer, kan dan vir die ouer verlore gaan. Die navorser is van mening dat die emosionele welsyn van die kleuter so in gedrang gebring kan word.

### **3.3.6.4 Tema 4:Regressiewe gedrag is nie altyd rede vir kommer by die ouer nie**

Die volgende subtemas wys daarop dat die deelnemers nie regressiewe gedrag altyd in 'n ernstige lig beskou nie.

- **Subtema 4.1: Regressiewe gedrag is soms speels**

Deelnemer 1: "*n Vriendin van ons het een van daai Marmoset-apies, dit is nou te cute en die apie kry nou bottel en doek en alles, en my jongste een het toe gesê sy is nou my baba-apie. Maar dis nou meer speels, jy weet dan sal sy nou kom en sy het 'n speelbottel en dan bring sy haar pop en dan speel sy nou maar met haar pop.*'

Deelnemer 3: "*Maar dit was net 'n spelergheid en sy wou dit net self ondervind, so ek het dit maar laat gebeur...*"

Deelnemer 2: "...en ek voel in my opinie dit is maar net 'n deel van ontwikkeling."

- **Subtema 4.2: Regressiewe gedrag is soms "stout" en "onnodig"**

Deelnemer 1: "*Wat hulle ook doen, ek het al vergeet daarvan, as hulle aandag soek, hulle gaan lê op die vloer en gooi 'n tantrum, en skree dan maak dit my so kwaad vir hulle want dit is nie nodig nie.*"

Deelnemer 1: "*Maar ek het haar, die eerste twee keer het ek mooi met haar gepraat en dan het ek haar begin pakslae gee en gesê 'dis baie stout van jou' want sy sal loop tot langs die toilet en langs die toilet piepie.*"

Deelnemer 1: "...en sy weet sy's nou net besig om stout te wees as sy nou op die vloer gaan lê..."

- **Literatuurkontrole ten opsigte van tema vier**

Die literatuur dui daarop dat die persepsie van die ouer dat regressiewe gedrag "stoute" gedrag is, foutief is. Volgens Nader (2001:278) kan regressie verkeerdelik geïnterpreteer word as luiheid, ongehoorsaamheid of aandagsoekende gedrag.

Die navorser is van mening dat hierdie persepsie dui op onkunde by die ouer aangaande regressiewe gedrag. Die navorser is verder van mening dat hierdie verkeerde persepsie van die ouer aangaande regressiewe gedrag soms daartoe lei dat die ouer die kleuter straf eerder as om die oorsaak van die gedrag te probeer vasstel. Die navorser is van mening dat dit skadelik is vir die emosionele welsyn van die kleuter om gestraf te word vir regressiewe gedrag.

Die kleuter tussen drie en ses jaar is in 'n transisionele periode en regressiewe gedrag is 'n universele fenomeen wat in een of ander vorm by die meeste individue voorkom (Doyle, 2003:41).

Die navorser is van mening dat die kleuter gereeld gedrag toon wat uiters frustrerend kan wees vir die ouer huis omdat die kleuter in 'n transisionele periode is en probeer om outonomiteit te verkry. Regressiewe gedrag is egter volgens die navorser nie gedrag wat as "stout" geklassifiseer kan word nie aangesien dit deel is van die kleuter se ontwikkeling en nie gedrag is wat hy kan beheer nie aangesien dit op onbewustevlak voorkom.

### *3.3.6.5 Tema 5: Regressiewe gedrag is individu-, situasie- en omgewingspesifiek*

Die volgende subtemas dui daarop dat die deelnemers die indruk het dat regressiewe gedrag verskil van kleuter tot kleuter, situasie tot situasie en omgewing tot omgewing.

- **Subtema 5.1: Klaerige gedrag kom voor by kleuters wie se persoonlikhede daartoe geneig is**

Deelnemer 1: "Ek dink my oudste een hou miskien meer daarvan om te moan en kla, sy loop maar bietjie meer en kla as die kleintjie."

Deelnemer 3: "Dit hang af van die kind se volwassenheid."

- **Subtema 5.2: 'n Kind wat selfstandig is en 'n sterk wil het, sal nie regressiewe gedrag toon nie**

Deelnemer 4: "My oudste is baie selfstandig, en beheersend eintlik. Sy sal liewers die leierskaprol neem as wat sy die babarol speel, so ek dink sy is baie strongwilled ek dink dit keer dalk dat sy..."

Deelnemer 4 "...selfs toe my skoonma oorlede is, dan sal sy kom en sê, sê nou ons gaan nou na Belinda-hulle toe dan wil sy eerste vir Tannie Belinda sê haar ouma is oorlede, dit was vir haar 'n avontuur, ja dit was nou ouma is nou weg, ons het alles vir haar verduidelik, Ouma is nou by Lieve Jesus en toe ons my skoonma se as gestrooi het was sy ook by gewees, soos ek sê sy't daai sterk persoonlikheid vir haar is dit soos amper soos 'n uitdaging."

Deelnemer 4: "Ja, ek dink dis net party kinders..."

- **Subtema 5.3: Regressiewe gedrag verskil van situasie tot situasie**

Deelnemer 1: "Ek dink dit hang af hoekom hulle die bed natgemaak het. Ek weet as my groot een die bed natmaak dan moet daar moeilikheid wees, want sy doen dit nie, maar die kleintjie doen dit omdat sy te vas slaap. So dit hang maar af wat is die situasie, dan moet mens maar kyk hoekom dit gebeur het."

Deelnemer 4: "...ek dink elke kind se situasie verskil..."

Deelnemer 2: "So, soos julle gesê het, dit hang af die omgewing waarin die kind hom bevind."

- **Literatuurkontrole ten opsigte van tema vyf**

Volgens die teorie van Erickson is die suksesvolle sintese van die kleuter se ontwikkelingstadium doelgerigtheid, wat gekarakteriseer word deur die vermoë om doelgerig en vol selfvertroue op te tree, sonder skuldgevoelens daaroor (Louw *et al.*, 1998:52-53). Doelgerigtheid is 'n persoonlikheidseienskap wat die kleuter ontwikkel wanneer sy ontwikkeling suksesvol is.

Die navorser is egter van mening dat selfs 'n kleuter wat gesond ontwikkel het en wat hierdie stadium van ontwikkeling bereik het, regressiewe gedrag sal toon. Die kleuterstadium bied baie uitdagings aan die kleuter en regressiewe gedrag is een van die meganismes wat deur die kleuter gebruik word om die uitdagings soms te probeer vermy.

Volgens Nader (2001:278) sal elke persoon op 'n individualistiese manier regressiewe gedrag toon. Een manier om verskille tussen individue te identifiseer, is om na die verskillende temperamenttipes te kyk. Volgens Thomas en Chess se pioniersstudie (in Louw *et al.*, 2004:209-210) is daar nege dimensies van temperament by die kleuter:

- Die aktiwiteitsvlak van die kleuter: Dit verwys na die periodes van aktiwiteit en rus.
- Die ritme van die kleuter: Dit verwys na biologiese funksies soos byvoorbeeld slaap, eet en uitskeidingsfunksies.
- Afleibaarheid: Dit verwys na die mate waartoe eksterne stimulu gedrag kan verander.
- Benadering tot vermyding: Dit verwys na die kleuter se reaksie op nuwe mense en dingte.

- Aanpasbaarheid: Die manier waarop die kleuter homself kan oriënteer ten opsigte van veranderinge in die omgewing.
- Aandagspan en uithouvermoë: Die hoeveelheid tyd wat spandeer word aan 'n aktiwiteit en hoe maklik die kleuter se aandag van daardie aktiwiteit afgelei kan word.
- Intensiteit van reaksie: Dit verwys na die energievlek van die respons.
- Responsdrempel: Dit verwys na die vlak van stimulasie wat nodig is om 'n respons te kry.
- Aard van gemoed: Die verhouding tussen aangename teenoor onaangename gedrag.

Dit is die navorser se mening dat die temperament van die kleuter wel 'n rol kan speel in watter mate en hoe gereeld 'n kleuter regressiewe gedrag sal toon. Die kleuter wat byvoorbeeld maklik kan aanpas by nuwe situasies en homself dus suksesvol kan oriënteer in die nuwe situasie, kan moontlik minder geneig wees om regressiewe gedrag te toon wanneer hy gekonfronteer word met 'n nuwe situasie. Die kleuter wat egter moeilik aanpas by nuwe situasies en eerder hierdie nuwe situasie sal probeer vermy, sal moontlik meer geneig wees tot regressiewe gedrag tydens 'n nuwe situasie.

Tema ses bevat die subtemas wat dui op die gevolg van die ouers se indrukke aangaande regressiewe gedrag.

#### *3.3.6.6 Tema 6: Regressiewe gedrag kan aanleiding gee tot verskeie emosies by die ouer*

Vervolgens word die emosies wat die deelnemers geïdentifiseer is, bespreek.

- **Subtema 6.1: Regressiewe gedrag is frustrerend (vir die ouer)**

Deelnemer 2: "Ja, frustrasie aan die een kant, want umm, dit plaas wat ek moet doen agteruit, ek het 'n plan wat vorentoe gaan."

Deelnemer 1: "...sy sal eers begin huil wat vir my net gefrustreerd maak voordat mens iets gedoen kry..."

Deelnemer 3: "Ek dink frustrasie gaan 'n groot rol speel..."

- **Subtema 6.2: Regressiewe gedrag kan lei tot gevoelens van woede by die ouer**

Deelnemer 1: "ek het vergeet wat die oudste een nogal doen is sy praat soos 'n babatjie of sy loop die hele huis deur en dan sê sy "mammie, mammie' mammie" en dan word ek kwaad."

- **Subtema 6.3: Regressiewe gedrag kan lei tot kommer by die ouer**

Deelnemer 3: "...so ek het dit maar laat gebeur maar ek was baie bekommerd eers, wat gaan ons nou doen?"

- **Subtema 6.4: Regressiewe gedrag kan die ouer laat voel dat hy iewers gefaal het**

Deelnemer 4: "...en 'n mate van failure dalk want jy het nou hierdie kind tot op hierdie stadium gebring en nou gaan die kind terug soontoe en jy voel jy het nou gefaal..."

- **Subtema 6.5: Regressiewe gedrag  
is uitputtend (vir die ouer)**

Deelnemer 1: "*So dit is so uitputtend partykeer*".

- **Literatuurkontrole ten opsigte van tema ses**

Die emosies van woede, kommer en frustrasie is volgens le Roux en de Klerk (2001:106) dreinerende emosies. Die navorser is van mening dat dreinerende emosies teenproduktief is en dat hierdie emosies dit vir die ouer moeilik maak om op 'n empatiese manier op te tree wanneer hulle kleuter regressiewe gedrag toon. Deelnemer een verwys byvoorbeeld na haar emosie as uitputtend.

Frustrasie is volgens le Roux en de Klerk(2001:106) 'n verlammende ervaring wat te veel energie verbruik en wat veroorsaak dat die persoon nie helderheid kan kry oor die probleem wat hy ervaar nie. Onsekerheid oor hoe om die regressiewe gedrag te hanteer, kan lei tot bekommernis daaroor.

Die navorser is van mening dat 'n ouer wat hierdie verlammende emosie van kommer aangaande sy kleuter se regressiewe gedrag ervaar, ook nie iets konstruktief sal kan doen om die gedrag te hanteer nie.

'n Studie deur Melmed en Ciervo (in Gowen & Nebrig, 2002:4) het bevestig dat ouers 'n behoeftte toon aan meer inligting aangaande hulle kinders se emosionele asook vroeë breinontwikkeling. Die navorser is van mening dat die gebrek aan kennis aangaande die kleuter se ontwikkeling 'n groot bydrae lewer tot die feit dat ouers so onseker is oor hoe om regressiewe gedrag te hanteer en waarom hulle dit moeilik vind om dit te hanteer.

Die navorser is van mening dat die ouer wat wel sy kleuter se ontwikkeling verstaan, beter toegerus sal wees om regressiewe gedrag te hanteer. Die

ouer wat voel asof hy gefaal het wanneer sy kleuter regressiewe gedrag toon, beskik nie oor die nodige inligting oor regressie nie.

Schaefer en Briesmeister (2007:210) verwys na ouers se geloof dat hulle 'n spesifieke probleem ten opsigte van hulle kleuter sal kan oorkom en noem dit ouerlike geskiktheid. Die ouer wat glo dat hy hoë ouerlike geskiktheid het, het meer positiewe verwagtinge en glo dat verandering in sy kleuter se gedrag wel moontlik is. Ouers wie se kinders egter baie probleemgedrag toon, se geloof in hul ouerlike geskiktheid is egter laag. Dit is belangrik dat hierdie ouer se siening oor sy vermoëns (geskiktheid) as ouer opgehef moet word.

Die navorser is van mening dat die ouer wat glo in sy vermoëns as ouer nie sal opgee in die bestuur en hantering van regressiewe gedrag nie. Die ouer wat egter voel dat hy nie oor die vermoëns beskik om 'n effektiewe ouer te wees nie, kan heel moontlik nie regressiewe gedrag korrek bestuur en hanter by sy kleuter nie. Laasgenoemde is nie die ideaal nie, aangesien die kleuter juis behoeftes aan die ouer kommunikeer. Indien die ouer dus nie korrek reageer op die behoeftes nie, sal die kleuter se emosionele welsyn belemmer word.

Die ouer wat wel twyfel oor sy vermoëns en voel asof hy faal as ouer, kan volgens Schaefer en Briesmeister (2007:211-215) die volgende eienskappe van positiewe ouerskap aanleer:

- Bied aan die kleuter 'n veilige en boeiende omgewing

Die kleuter benodig 'n veilige omgewing onder toesig met geleentheid om te verken, te eksperimenteer en te speel. So kan die gesonde ontwikkeling van die kleuter bevorder word.

- Bied aan die kleuter 'n positiewe omgewing waar hy kan leer

Dit is belangrik dat die ouer moet reageer wanneer die kleuter interaksie inisieer (byvoorbeeld wanneer die kleuter vir hulp, informasie, raad of aandag vra). Die ouer leer dan die kleuter wanneer die situasie dit vereis en dra so by tot die kleuter se probleemoplossingsvaardighede.

- Die ouer behoort dissipline op 'n stellige wyse toe te pas.

Dissiplinepraktyke soos om op die kleuter te skreeu, om die kleuter te dreig of om fisiese straf te gebruik, is nie effektief nie. Ouers kan alternatiewe maniere gebruik soos byvoorbeeld om reëls te maak, kalm en rustige ouderdomsgepaste instruksies te gee, die logiese gevolge wanneer die kleuter die reëls breek, te gee en so voorts. Hierdie ouerskapvaardighede word in die huislike omgewing sowel as elders gebruik en stel die ouer in staat om die gedrag van die kleuter op 'n stellige manier te kan hanter.

- Die ouer behoort realitiese verwagtinge van die kleuter te hê

Die ouer behoort na te dink oor wat sy verwagtinge, aannames en persepsies aangaande sy kleuter se gedrag is. Doelstellings vir die kleuter behoort gekies te word op so manier dat dit ouderdomsgepas en realisties is. Ouers verwag soms dat hulle kleuter prososiale gedrag toon omdat hulle dit as goeie maniere beskou, terwyl dit egter nog nie deel van die kleuter se ontwikkelingsfase is nie.

- Die ouer behoort na hom- of haarselv as ouer om te sien

Die ouer word geaffekteer deur 'n reeks faktore wat 'n impak het op die ouer se selfbeeld en gesondheid. Ouerskap behoort in die groter konteks beskou te word as deel van persoonlike selfsorg. Ouers behoort ouerskapvaardighede aangeleer te word ten einde hulle taak as ouer te

vergemaklik. Wanneer die ouer egter oorweldig word, leer hulle gewoonlik ander hanteringsvaardighede aan, soos depressie, woede, angs en hoë vlakke van ouerlike spanning.

### **3.4 SAMEVATTING**

Die navorser kon vanuit die fokusgroepbespreking ses persepsies identifiseer wat dié groep deelnemers aangaande hulle kleuter/s se regressiewe gedrag het. Die navorser was dus in staat om die navorsingsvraag te beantwoord en die doelstelling van die studie te bereik.

Die studie was beperk in omvang en daarom identifiseer die navorser gebiede waar verdere navorsing waardevol sal wees in die volgende hoofstuk. Die laaste hoofstuk bevat ook riglyne aan ouers aangaande die hantering van regressiewe gedrag asook die navorser se evaluering van die studie deur middel van die identifisering van die tekortkominge van die studie.

## **HOOFTUK 4**

### **SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

#### **4.1 INLEIDING**

In hoofstuk drie is verskeie persepsies geïdentifiseer wat ouers aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag ervaar, en binne 'n fokusgroepbespreking met die navorser en ander deelnemers, gedeel het. Dié persepsies is gegroepeer onder temas wat aandui dat die deelnemers se persepsies rondom regressiewe gedrag by hulle kleuter/s in sommige gevalle ooreenstem. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig te bied oor die totale navorsingsproses asook om sekere gevolgtrekkings en aanbevelings te maak na aanleiding van die empiriese data.

'n Belangrike vraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord word, is of die navorsingsvraag beantwoord is. Die aanloop tot hierdie vraag behels 'n samevatting van die vorige hoofstukke, ten einde die doelstellings wat in die vorige hoofstukke gestel is, te herevalueer, terwyl die empiriese data sal dien as die antwoord op die navorsingsvraag. Laastens word sekere aanbevelings retrospektief aangaande hierdie studie gemaak asook aanbevelings vir verdere navorsing.

#### **4.2 OORSIG OOR DIE NAVORSINGSPROSES**

Vervolgens word 'n oorsig oor die navorsingsproses gegee.

##### **4.2.1 Die navorsingsvraag**

Voordat die navorsing aangepak is, is die navorsingsvraag deur die navorser geformuleer. Voordat daar egter op 'n navorsingsvraag besluit kon word, moes die navorser eers die navorsingsprobleem uiteensit. Die probleem vir

hierdie studie was om ondersoek in te stel na die verskillende persepsies wat ouers het aangaande regressiewe gedrag by hulle kleuter.

Die uiteensetting van die probleem het tot die volgende navorsingsvraag geleid:

Watter persepsies het ouers aangaande hulle kleuter/s se regressiewe gedrag?

#### **4.2.2 Evaluering van die doelstelling en doelwitte van die studie**

Ten einde hierdie navorsingsvraag sinvol te kon beantwoord, het die navorser 'n doelstelling vir die studie gestel ten einde te verseker dat die navorsingsvraag beantwoord sou word. Die doelstelling van die studie was om vas te stel wat die persepsies van ouers is aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag. Die voorgenome studie was kwalitatief van aard aangesien die doelstelling van die studie was om inligting aangaande die persepsies van ouers aangaande hulle kleuter se regressiewe gedrag te bekomen.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, het die navorser die volgende bereikbare doelwitte gestel, wat vervolgens geëvalueer word.

- Om 'n studie van bestaande literatuur te doen aangaande regressiewe gedrag by die kleuter, ten einde die navorsing binne 'n konsepsuele raamwerk te plaas.

Hierdie doelwit is in hoofstuk twee bereik waar die navorser die studie se konseptuele raamwerk verskaf het. Regressiewe gedrag is vanuit die literatuur beskryf, asook die ontwikkelingsvlak van die kleuter. Die navorser is van mening dat literatuur oor regressiewe gedrag onvoldoende is en dat daar 'n groot leemte bestaan wat verdere navorsing noodsaak.

- Om kwalitatiewe data in te samel deur middel van 'n fokusgroep ten einde inligting te bekom oor die persepsies van ouers aangaande regressiewe gedrag.

Hierdie doelwit is in hoofstuk drie bereik waar die navorsing die persepsies wat die deelnemers tydens die fokusgroepbespreking gedeel het, weergegee het.

- Om kwalitatiewe data weer te gee, te analyseer, met die literatuur te kontroleer en aanbevelings te maak ten einde die bevindinge van die navorsing weer te gee.

Kwalitatiewe data is in hoofstuk drie weergegee. Die empiriese data is verkry deur die fokusgroepbespreking te transkribeer en die persepsies uit te lig deur middel van direkte aanhalings. Die persepsies is gegroepeer onder die indrukke van die ouers aangaande regressiewe gedrag asook die gevolg daarvan soos in die definisie van persepsie uiteengesit. Die navorsing het vyf temas geïdentifiseer wat dui op ouers se indrukke van regressiewe gedrag en een wat dui op die gevolg daarvan.

- Om aanbevelings te maak ten einde ouers te bemagtig aangaande die hantering van hul persepsies oor regressiewe gedrag.

Bogenoemde aanbevelings word in hierdie hoofstuk weergegee.

### **4.3 OORSIG OOR DIE NAVORSING**

Vervolgens 'n kort oorsig oor die hoofstukke se inhoud.

### **4.3.1 Hoofstuk 1**

Die doel van hoofstuk een was om die navorsingsvraag asook navorsingsproses duidelik uiteen te sit. 'n Verdere doel was om aan die leser te verduidelik waarom die navorser besluit het op die spesifieke tema en ook om aan die leser duidelik te maak vanuit watter paradigma die navorser te werk gaan. 'n Duidelike omskrywing van regressiewe gedrag is ook gegee om die navorsing binne 'n wetenskaplike konteks te plaas.

### **4.3.2 Hoofstuk 2**

Hoofstuk twee het ten doel gehad om 'n konseptuele raamwerk te verskaf vir die navorsing. Die konseptuele raamwerk het gefokus op 'n beskrywing van regressiewe gedrag. Hier is klassieke teorieë (Sigmund Freud en Carl Jung) sowel as kontemporêre teorieë verskaf aangesien beide waarde inhoud vir die begrip van 'n komplekse verskynsel soos regressiewe gedrag. Daar is nie eenstemmingheid in die literatuur oor regressiewe gedrag as deel van normale ontwikkeling by alle kleuters, of slegs as die kleuter probleme ervaar in sy ontwikkeling, nie.

Die kontemporêre teorieë beskou regressiewe gedrag as 'n hanteringsmeganisme wat veral deel is van die kliniese prentjie van 'n kleuter wat getraumatiseer is. Die ontwikkelingsvlak van die kleuter is ook bespreek sodat die leser 'n idee kon vorm van wat wel as aanvaarbare gedrag by die kleuter van 'n sekere ouderdom beskou word. Die navorser het na die teorieë van Kohlberg, Piaget en Erickson gekyk.

Maslow se behoeftehiërargie is gebruik ter illustrasie van die komplekse behoeftes van die kleuter. Indien die kleuter se behoeftes nie vervul word nie, sal regressiewe gedrag een van die kleuter se reaksies hierop wees. Die navorser het verder na die belangrike rol gekyk wat die gesinsdinamika speel

in die voorkoms van regressiewe gedrag, veral die verandering in die sisteem as gevolg van die geboorte van 'n nuwe baba.

### **4.3.3 Hoofstuk 3**

Hoofstuk drie het ten doel gehad om getranskribeerde data weer te gee deur middel van direkte aanhalings om sodoende 'n uiteensetting te verskaf van die verskillende persepsies wat die deelnemers tydens die fokusgroepbespreking gedeel het. Ses persepsies is geïdentifiseer, ouers het sommige persepsies gedeel en soms verskil in hulle persepsies. Dit was egter baie duidelik dat die deelnemers definitiewe idees aangaande hulle kleuter/s se regressiewe gedrag het.

Die persepsies is gegroepeer onder temas om die data-analiseproses te vergemaklik asook om ooreenkomste aan te dui in die persepsies wat die deelnemers gehad het aangaande hulle kleuter/s se regressiewe gedrag.

## **4.4 GEVOLGTREKKINGS**

Die volgende gevolgtrekkings kan na afloop van die empiriese studie gemaak word. Die gevolgtrekkings wat gemaak word is slegs van toepassing op die ouers wat deelgeneem het aan die studie en word nie veralgemeen nie. Die gevolgtrekkings is gebaseer op die ses onderskeie temas wat in hoofstuk drie geïdentifiseer is. Vervolgens bespreek die navorser gevolgtrekkings aangaande elke tema wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is.

### **4.4.1 Tema 1: Regressiewe gedrag is 'n respons van die kleuter op 'n traumatiese gebeurtenis**

- Daar was begrip dat regressiewe gedrag in reaksie op 'n traumatische gebeurtenis kan voorkom. Eerstehandse ondervinding van kleuters wat geregresseer het as gevolg van 'n traumatische gebeurtenis, is beskryf.

#### **4.4.2 Tema 2: Die kleuter wat regresseer, het 'n sekere motief**

- Die persepsie bestaan dat regressiewe gedrag gebruik word deur die kleuter om iets by die ouer te kry wat hy graag wil hê. Laasgenoemde impliseer dat regressiewe gedrag op bewuste vlak by die kleuter voorkom. Dit impliseer verder dat regressiewe gedrag as manipulasie gebruik kan word deur die kleuter.
- Regressiewe gedrag is in sommige gevalle 'n vorm van nie-verbale kommunikasie, die kleuter maak daarvan gebruik om sy behoeftes aan die ouer te kommunikeer, of om iets belangrik onder die ouers se aandag te bring. Dit impliseer dat regressiewe gedrag dus op onbewuste sowel as bewuste vlak kan voorkom.

#### **4.4.3 Tema 3: Die ouer speel 'n belangrike rol in die voorkoms van regressiewe gedrag**

- Daar is ooreengestem oor die feit dat regressiewe gedrag deur die ouer beheer, of selfs voorkom kan word.
- 'n Behoefte aan meer geduld in die hantering van hulle kleuter wanneer hul regressiewe gedrag toon, is gekommunikeer.
- Die gejaagde lewenstyl van vandag se samelewing is 'n bydraende faktor tot die voorkoms van regressiewe gedrag. Wanneer albei ouers werk en die kleuter/s heeldag in dagsorg is, is daar 'n groot behoefte aan aandag vanaf die ouer, wat die kleuter in die aand kommunikeer. Huishoudelike take kry egter voorkeur gedurende hierdie tyd, aangesien die ouer se tyd beperk is. Dit is dus uiters moeilik vir die ouer om genoegsame aandag aan die kleuter te gee gedurende hierdie tyd.
- Die siening dat regressiewe gedrag soms bloot aandagsoek is, is deur al die deelnemers ervaar en dit veroorsaak frustrasie by die ouer.
- Van die persepsies het daarop gedui dat die deelnemers onseker is oor hoe om hierdie gedrag te hanteer.

- Onkunde aangaande die kleuter se ontwikkeling kan die taak van die ouer bemoeilik in die hantering van regressiewe gedrag.
- Ontwikkeling is grootendeels 'n proses wat sy eie gang verloop. Regressiewe gedrag kan nie as 'n refleksie van die ouer se vaardighede gesien word nie, net soos wat 'n kleuter wat vinniger as die norm sy mylpale bereik, nie aan die ouer toegeskryf kan word nie.

#### **4.4.4 Tema 4: Regressiewe gedrag is nie altyd rede vir kommer by die ouer nie**

- Regressiewe gedrag is deel is van die ontwikkelingsfase van die kleuter en dus van verbygaande aard.
- Sommige tipes regressiewe gedrag kan as spelerige gedrag geklassifiseer word, hierdie soort regressiewe gedrag dui egter ook op 'n behoefte wat die kleuter probeer kommunikeer.
- Die aandagsoek-element wat deel is van regressieve gedrag kan beide positief of negatief wees: die soeke na positiewe aandag van die ouer (byvoorbeeld om die kleuter te vertroetel) asook negatiewe aandag (byvoorbeeld wanneer die kleuter sy bed natmaak om 'n reaksie by die ouer te kry).

#### **4.4.5 Tema 5: Regressiewe gedrag is individu-, situasie- en omgewingspesifieк**

- Regressieve gedrag kom nie by alle kleuters voor nie. Die temperament van die kleuter speel hier 'n rol.
- Regressieve gedrag verskil van kind tot kind en situasie tot situasie .
- Die omgewing waarin die kleuter is, speel 'n rol in die voorkoms van regressieve gedrag. 'n Bekende omgewing kan 'n kleuter weerhou van regressieve gedrag terwyl 'n onbekende omgewing 'n kleuter kan laat regresseer.

#### **4.4.6 Tema 6: Regressiewe gedrag kan aanleiding gee tot verskeie emosies by die ouer**

- Regressiewe gedrag beïnvloed die die ouer op emosionele vlak. Emosies soos woede, frustrasie, bekommernis, onsekerheid, uitputting asook 'n gevoel dat die ouer gefaal het, is geïdentifiseer. Nie een van die deelnemers het die terugkeer na babagedrag in 'n positiewe lig gesien nie.
- Die ervaring van regressiewe gedrag deur die individu speel 'n groot rol in hul persepsie van regressiewe gedrag.

#### **4.5 AANBEVELINGS AAN OUERS VIR DIE HANTERING VAN REGRESSIEWE GEDRAG**

Die navorsing maak vervolgens aanbevelings aan ouers, aan die hand van die empiriese data en die literatuurkontrole, oor hoe om regressiewe gedrag te hanteer.

- Dit kan van groot waarde wees vir ouers om na te lees oor hulle kleuter se ontwikkeling. Die nodige kennis kan ouers se persepsies van regressiewe gedrag by die kleuter verbreed.
- Regressiewe gedrag eis 'n emosionele tol by die ouer en dit sal van waarde wees om die ouer te bemagtig om hierdie dreinerende emosies eerstens te kan identifiseer, en tweedens om die ouer die nodige vaardighede te leer om ook hierdie emosies te kan hanteer.
- Ouers behoort nie op die regressiewe gedrag te fokus nie maar eerder op die rede waarom hulle kleuter blootgestel word aan spanningsvolle situasies wat hulle nie kan hanteer nie. Kleuters kan bemagtig word met lewensvaardighede wat hulle beter in staat sal kan stel om spanningsvolle situasies te kan hanteer.

- Aangesien ouerskapstyl 'n invloed het op die persepsies van ouers aangaande regressiewe gedrag, word dit aanbeveel dat ouers in die demokratiese ouerskapstyl opgelei word.
- Ouers behoort die pas te volg wat hulle kleuter aangee in sy eie ontwikkeling en nie die kleuter probeer dwing om vinniger groot te word as wat nodig is nie.
- Aangesien die geboorte van nog 'n baba in die gesin 'n groot rol speel in die voorkoms van regressiewe gedrag by die kleuter, behoort ouers ondersteun te word ten einde realistiese persepsies aangaande hulle kleuter se reaksie op die nuwe baba te hê. Verdere navorsing veral in hierdie area sal baie sinvol wees.
- In sommige gevalle kan terapeutiese intervensie van waarde wees in die hantering van regressiewe gedrag. Dit is dus van belang dat ouers se persepsies aangaande terapeutiese intervensie positief is.
- Aangesien egskeiding so algemeen is en dit 'n rol speel in die voorkoms van regressiewe gedrag by die kleuter, behoort ouers van kleuters wat deur 'n egskeiding gaan of reeds deur die proses van 'n egskeiding gegaan het, professionele hulp in te win aangaande realistiese verwagtinge aangaande hulle kleuter se hantering van die egskeiding.
- Kleuters behoort as individue gesien te word. Nie alle kleuters sal regressiewe gedrag op dieselfde manier toon nie en daarom behoort ouers nie hulle kleuters met mekaar of met ander mense se kleuters te vergelyk nie.
- Basiese kennis aangaande hulle kleuter se temperamenttipe sal sinvol wees vir die ouer ten einde realistiese verwagtinge aangaande hulle kleuter te kan hê.
- Ten einde die die kleuter by te staan tydens stresvolle situasies behoort die ouer realistiese verwagtinge te hê van die kleuter se vermoë om stresvolle situasies te hanteer. Die ouer se persepsie van sy kleuter se vermoë om stresvolle situasies te hanteer, speel hier 'n belangrike rol.

- Ten einde die kleuter sinvol te kan bystaan tydens 'n traumatische ervaring behels dat die ouer se persepsie van trauma van so aard sal wees dat hy die tekens van trauma sal kan identifiseer by die kleuter.
- Die ouer se persepsies aangaande die hoeveelheid aandag wat die kleuter van hom verwag, is ook belangrik om in ag te neem. 'n Redelike eenvoudige, maar baie doeltreffende manier om hierdie kompetisie vir aandag by die ouers op te los, is om vir elke kind 'n spesiale tyd te maak waar albei of een van die ouers, 'n spesiale aktiwiteit van die kleuter se keuse saam met hom op 'n gereelde, konsekwente basis doen.
- Die ouers behoort hulle kleuter slegs ouderdomsgepaste uitdagings te bied: wanneer die kleuter spanning ervaar omdat daar te veel van hom verwag word, kan dit lei tot regressiewe gedrag. Die ouer se persepsie van wat ouderdomsgepas is vir sy kleuter, is volgens die navorsing, afhanklik van sy kennis aangaande die ontwikkelingsvlak van sy kleuter.

#### **4.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING**

Die navorsing het voor, en veral tydens die samestelling van die konseptuele raamwerk van die studie, bewus geword van die feit dat navorsing aangaande regressiewe gedrag beperk is. Daar is 'n tendens binne die bestaande literatuur om slegs te fokus op die voorkoms van regressiewe gedrag ná 'n traumatische ervaring. Daar word veral baie klem geplaas op seksuele misbruik en die kliniese voorkoms van regressiewe gedrag tydens die terapeutiese intervensie.

Verdere navorsing aangaande regressiewe gedrag, veral wanneer dit by die kleuter voorkom binne die gesinsopset, sal van waarde wees. Spesifieke aandag kan gegee word aan regressiewe gedrag by die kleuter in die situasie wanneer 'n nuwe baba by die gesin gevoeg word. Ander areas wat van belang is hier en wat verder ondersoek behoort te word, is: die impak daarvan dat albei ouers werk; die gebrek aan tyd ten einde elke kind in die gesin genoegsame aandag te gee; kompetisie tussen sibbe vir aandag by die

ouers asook veranderinge binne die gesinsisteem (byvoorbeeld 'n egskeiding, verhuisning of die verlies aan 'n nabye gesinslid).

Alhoewel dit nie deel van die doelstellings van hierdie navorsingstudie was nie, is die navorser van mening dat verdere navorsing aangaande die kleuter se belewenis van regressiewe gedrag waardevol sal wees. Dit sal sinvol wees om na te vors wat die kleuter sevlak van bewustheid is tydens hierdie gedrag en watter emosies daarmee verband hou.

#### **4.7 DIE TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE**

Die navorser se mening is dat die data wat verkry is, 'n bydrae kan lewer tot die bestaande wetenskaplike kennis aangaande regressiewe gedrag. Die belangrikste bydrae wat die navorser met dié studie wil maak is om bewustheid te verhoog onder die wetenskaplike gemeenskap dat ouers hulp en leiding nodig het aangaande die korrekte manier om regressiewe gedrag by hulle kleuter te hanteer. Dit was egter 'n studie van beperkte omvang en daar bestaan uit die aard van dié beperkings sekere tekortkominge in die navorsing.

Meer as een fokusgroep sou meer waardevol wees, aangesien die persepsies uitgebrei kon word, terwyl 'n groter mate van versadiging ten opsigte van die data ook bereik kon word. Die verskillende fokusgroepe sou met mekaar vergelyk kon word.

Die navorser het geen ondervinding gehad in die fasilitering van 'n fokusgroep nie en retrospektief beskou, sou dit groot voordeel ingehou het vir die studie. Die navorser kon selfs gebruik gemaak het van 'n fasilitateerde, terwyl die navorser as waarnemer deelgeneem het. Die navorser se deelname as waarnemer kon moontlik groot waarde ingehou het veral in terme van die observasie van die groepsdinamika.

## **4.8 GELDIGHEID**

Die geldigheid van die kwalitatiewe studie behoort na afhandeling van die studie deur die navorser bepaal te word (De Vos, 2005:346). Vier belangrike konstrukte van geldigheid word vervolgens bespreek en op die studie van toepassing gemaak.

- **Geloofwaardigheid**

Bogenoemde konstruk van geldigheid behels dat die navorsing op so manier gedoen is dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer asook beskryf word. Wanneer die navorsing binne die parameters uitgevoer is soos wat die navorser beplan het, is die navorsing geldig (De Vos, 2005:346). Die geloofwaardigheid van hierdie studie berus op die feit dat die navorser die studie uitgevoer het binne die parameters van 'n konseptuele raamwerk asook 'n populasie wat die grense van die studie bepaal het.

- **Oordraagbaarheid**

Bogenoemde konstruk van geldigheid behels dat die navorsingsbevindinge oordraagbaar is of veralgemeenbaar is (eksterne geldigheid). Binne die kwalitatiewe studie kan die oordraagbaarheid van die bevindinge egter problematies wees. Die navorser kan hierdie probleem oorkom deur terug te verwys na die konseptuele raamwerk sodat die parameters van die studie weer duidelik na vore kom (De Vos, 2005:346). Die navorser het dit duidelik gemaak dat die gevolgtrekkings wat gemaak is gegronde is op die empiriese studie wat uitgevoer is en dat die gevolgtrekkings slegs van toepassing is op die groep ouers wat aan die studie deelgeneem het en nie veralgemeen kan word nie. Sodoende het die navorser die probleem van oordraagbaarheid uitgeskakel.

- **Afanklikheid/konsekwentheid**

Bogenoemde konstruk van geldigheid is die alternatief op betroubaarheid en behels dat die navorser voorsiening maak vir enige veranderinge in die fenomeen wat bestudeer is, sowel as enige veranderinge in die navorsingsontwerp as gevolg van 'n verfynde begrip van die fenomeen. Dit impliseer dus dat wanneer die navoring herhaal sal word die data nie dieselfde sal wees nie, aangesien die sosiale werklikheid konstant verander (De Vos, 2005:346-347). Die navorser verwag nie dat die data van hierdie studie herhaal sal word in 'n dupliserende studie nie.

- **Bevestigbaarheid**

Die laaste konstruk van geldigheid behels die objektiwiteit van die studie. Die navorser behoort die vraag te kan beantwoord of die data gehelp het om die gevolgtrekkings van die navorser te bepaal (De Vos, 2005:347). Die gevolgtrekkings wat gemaak is deur die navorser was gegronde op die empiriese data wat in die studie verkry is en was dus objektief.

#### **4.9 SAMEVATTING**

Die kleuter toon soms regressiewe gedrag wat 'n dreinerende effek op die ouer het. Onsekerheid kan by die ouer ontstaan oor hoe om regressiewe gedrag te hanteer. Dié studie het verskeie persepsies onder die groep ouers geïdentifiseer oor waarom hulle kleuters regressiewe gedrag toon. Die deelnemers aan die fokusgroep het die geleentheid gehad om vrylik met ander ouers wat ook regressiewe gedrag by hulle kleuters ervaar het, te gesels oor regressiewe gedrag. Die dinamika tussen die deelnemers en die vrymoedigheid waarmee hulle met mekaar gedeel het, het kwalitatiewe data voortgebring.

'n Gebrek aan kennis aangaande hulle kleuter se ontwikkeling en emosionele behoeftes speel 'n rol in die waninterpretasie van regressiewe gedrag. Die ouer met die nodige kennis aangaande sy kleuter se regressiewe gedrag sal egter in staat wees om op 'n ouderdomsgepaste en empatiese manier hierdie gedrag te hanteer.

Die kleuterfase is 'n opwindende, maar uitdagende stadium vir beide die ouer en die kleuter. Die ouer sal bemagtig voel as hul ondersteuning kan ontvang ten opsigte van ouderdomsgepaste asook empatiese behandeling van hulle kleuter se regressiewe gedrag. Die taak van ouerskap kan so effens vergemaklik word, terwyl dit slegs positiewe gevolge kan impliseer vir die emosionele welsyn van die kleuter.

## **BRONNELYS**

Abedon, E. 2000. 2 years: Baby me! When a newborn comes home, don't be surprised if your toddler regresses from big kid to baby-and back again. *Parents*, 75 (7):169-169.

Anderson Swedo, S. & Leonard, H.L. 1998. *Is it just a phase? How to tell common childhood phases from more serious problems*. New York: Broadway Books.

Babbie, E. 2004. *The practice of social research*. 10<sup>th</sup> ed. Belmont California: Wadsworth Publishing Company.

Berk, L.E. 2003. *Child development*. 6<sup>th</sup> ed. VSA: Allyn and Bacon.

Campbell, J. 2003. *Sex education. The key to your child's well being*. 3<sup>rd</sup> ed. Constantia: Joan Campbell.

Cohen, J.A. 2002. Terrorism: September 11. *Trauma, violence & abuse*. 3(4):307-327.

Corey, G. 2001. *Theory and practice of counseling and psychotherapy*. 6<sup>th</sup> ed. USA: Thomson Learning.

Cryer, D. Wagner-Moore, L. Burchinal, M. Yazejian, N. Hurwitz, S. & Wolery, M. 2005. Effects of transitions, to new child care classes on infant/toddler distress and behavior. *Early childhood research quarterly*, 20 (1):37-37.

Cummings, E.M., Davies, P.T. & Campbell, S.B. 2000. *Developmental psychopathology and family process*. New York: The Guilford Press.

Davies, P.T., Gordon, T.H., Goeke-Morey, M.C. & Cummings, E.M. 2002. *Child emotional security and interparental conflict*. Boston, Massachusetts: Blackwell Publishing.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2005. The qualitative report. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Dept of family and consumer sciences. [S.a.]. *The effects of divorce on young children*. North Carolina State University.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Diagnostic and statistical manual of mental disorders: DSM-IV-TR. 4<sup>th</sup> ed. 2000. Washington DC: American Psychiatric Association.

Dijksterhuis, A. & Van Knippenberg, A. 1998. The relation between perception and behavior, or how to win a game of trivial pursuit. *Journal of personality and social psychology*, 74 (4):865-877.

Dowling, M. 2000. *Young children's personal, social and emotional development*. Londen: Paul Chapman Publishing Ltd.

Doyle, A.M. 2003. *Regression. A universal experience*. Westport: Praeger.

Durrheim, K. 1999. Research design. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 1999. *Research in practice. Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Epps, S.R., Park, S.E., Huston, A.C. & Ripke, M. 2005. A scale of positive social behaviors. In Anderson Moore, K. & Lippman, L.H. *What do children need to flourish? Conceptualizing and measuring indicators of positive development*. 2005. New York: Springer Science & Business Media.

Essa, E. 1999. *A practical guide to solving preschool behavior problems*. 3<sup>rd</sup> ed. USA: Delmar Publishers.

Ford, R. 1996. *Childcare in the balance. How lone parents make decisions about work*. Londen: PSI.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Frideres, J.S. 2000. Dual images: The family in perspective. In: Violato, C., Oddone-Paolucci, E & Genius, M.. *The changing family and child development*. Great Brittain: Biddles Limited.

Gil, E. 2006. *Helping abused and traumatized children. Integrating directive and nondirective approaches*. New York: The Guilford Press.

Gilbert, R.L. 2002. *How we change. Psychotherapy and the process of human development*. Boston: Allyn & Bacon.

Gowen, J.W. & Nebrig, J.B. 2002. *Enhancing early emotional development. Guiding parents of young children*. Baltimore: Paul. H. Brookes Publishing Company.

Greeff, M. 2005. Information collection:interviewing. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Haslett, B.B. & Samter, W. 1997. *Children communicating. The first five years*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Hedges, L.E. 2000. *Terrifying transferences - Aftershocks of childhood trauma*. Londen: Jason Aronson Inc.

Higdon, J. 2004. *From counseling skills to counselor. A psychodynamic approach*. China: Palgrave Macmillan.

Holland, J. 2001. *Understanding children's experiences of parental bereavement*. Londen: Jessica Kingsley Publishers Ltd.

Huang, K. Teti, D. Caughy, M. Feldstein, S. & Genevro, J. 2007. Mother-Child Conflict Interaction in the toddler years: Behavior patterns and Correlates. *Journal of child and family studies*, 16 (2): 219-241.

Kaner, A. 2005. *The art of psychodynamic psychotherapy*. USA: Jason Aronson.

Kendall, P.C. 2000. *Childhood disorders*. Philadelphia: Psychology Press.

Krueger, R.A. & Casey, M. 2000. *Focus groups: A practical guide for applied research*. Thousand Oaks, Calif: Sage.

Lamanna, M.A. & Riedman , A. 2006. *Marriages and families: making choices in a diverse society*. Belmont, Calif: Thomson: Wadsworth.

Le Poire, B.A. 2006. *Family communication. Nurturing and control in a changing world*. USA: Sage Publications.

Ie Roux, R. & de Klerk, R. 2001. *Emosionele intelligensie. Die alles in een werkboek vir optimale persoonlike groei*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Leiper, R. 2001. *Working through setbacks in psychotherapy. Crisis, impasse and relapse*. Londen: Sage Publications Ltd.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2004. *Human development*. 2<sup>nd</sup> ed. Cape Town: Kagiso Tertiary.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1997. *Personologie. Van individu tot ekosisteem*. Johannesburg: Heinemann.

Nader,K. 2001. *Treatment methods for childhood trauma*. New York: Guilford Press.

Ozonoff, S. Williams, B. & Landa, R. 2005. Parental report of the early development of children with regressive autism. *Autism*, 9 (5):461-486.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann.

Powell, R.A. & Single, H.M. 1996. Methodology matters-V. Focusgroups. *International Journal for Quality Healthcare*, 8 (5), 499-504.

Pretorius, I. & Stoker, J. 2004. Toddler troubles: Coping with your under fives. *Child and adolescent mental health*, 9(3):143-143.

Roffey, S. 1997. *Infant classroom behavior: Needs, perspectives and strategies*. Londen: David Fulton.

Schaefer, C.E. & Briesmeister, J.M. 2007. *Handbook of parent training: helping parents prevent and solve problems*. Hoboken NJ: John Wiley & Sons.

Schmidt Neven, R. 1996. *Emotional milestones, from birth to adulthood. A psychodynamic approach*. Australia: Acer.

Schoonhees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Boysen, C.N. [S.a.]. *Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor Uitgewers.

Shaffer, D.R. 1994. *Social and personality development*. 3<sup>rd</sup> ed. USA: Brooks/Cole Publishing Company.

Stein, M.T. Parker, S. Coplan, J. & Feldman, H. 2001. Developmental delays and regressions - Expressive language delay in a toddler. *Journal of developmental and behavioral pediatrics*, 22 (2):99-99.

Strydom, H. 2005. Writing the research report. In: De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitative research. In: De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Strydom, H. & Venter, L. 2005. Sampling and Sampling Methods. In: De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 1999. *Research in practice. Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Timberlake, E.M. & Cutler, M.M. 2001. *Developmental play therapy in clinical social work*. Massachusetts: Allyn & Bacon.

Tyler, A.H. & Gregory, V.R. 1999. Assessment of maltreatment and neglect in the preschool child. In Vazquez, N. Ramero, I & Kalesnik, J. 1999. Assessing and screening preschoolers: Psychological and educational dimensions. Boston: Allyn & Bacon.

Tosh, A. 2004. A toddler with developmental regression. *Clinical Pediatrics*, 43 (3): 305-307.

Vazquez, N. Ramero, I & Kalesnik, J. 1999. Assessing and screening preschoolers: Psychological and educational dimensions. Boston: Allyn & Bacon.

Violato, C., Oddone-Paolucci, E & Genius, M. 2000. *The changing family and child development*. Great Britain: Biddles Limited.

## **Bylae 1**

### **Toestemmingsbrief**

**Geagte ouer/s:**

**8 Junie 2007**

Die doel van hierdie inligtingsbrief is om inligting aan u te verskaf aangaande 'n navoringstudie wat gedoen gaan word waarvoor ek u hulp gaan benodig. Die studie word aangepak deur my, Jacolene du Plooy, 'n meestersgraad-student in Spelterapie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Die tema van die navorsingstudie is "Persepsies van ouers aangaande regressiewe gedrag by die kleuter". Die navorsing is dus gemik op u en daarom sal u samewerking in die verband oopreg waardeer word.

Al wat van u as ouer verwag word, is om deel te neem aan 'n fokusgroepbespreking, wat oor twee na drie sessies gaan strek. Soos vroeër genoem, sal hierdie bespreking fokus op u persepsies van u kleuter (tussen die ouderdom van drie en ses jaar) se regressiewe gedrag. Ten einde die samestelling van die fokusgroep sinvol te maak, is dit van groot belang dat u wel reeds regressiewe gedrag by u kleuter opgemerk het. Aangesien die term "regressiewe gedrag" moontlik nie aan almal bekend is nie, gee ek 'n kort verduideliking oor wat dit presies beteken.

Regressiewe gedrag verwys na gedrag wat toepaslik was vir die kind op 'n vorige ontwikkelingstadium maar nie meer toepaslik is vir sy huidige ouderdom nie. Dit is met ander woorde gedrag wat die kleuter as't ware ontgroei het, maar vir een van vele redes weer begin toon. Regressiewe gedrag kom dikwels voor by die jong kind en in verskeie situasies. Een situasie wat veral aanleiding tot regressiewe gedrag kan gee, is die geboorte van 'n nuwe baba in die gesin (Louw, Ede & Louw, 2004:222). Sommige kinders regresseer na 'n vorige ontwikkelingsstadium en begin duimsuig, hul

broekies natmaak, babataal praat of toon 'n behoefte aan borsvoeding of 'n bottel (Louw *et al.*, 2004:222). Essa (1999:iv) verwys na emosionele en afhanklike gedrag soos babataal praat, duimsuig, broek natmaak en klouerige gedrag. Kinders toon soms hierdie gedrag wanneer hulle onseker of angstig voel, of as hulle byvoorbeeld seergekry het (byvoorbeeld 'n vyfjarige wat babataal praat nadat hy geval en seergekry het).

Die navorser se doel met die navorsing is nie om op hierdie soort gedrag te fokus nie, maar wel om meer uit te vind oor hoe ouers hierdie gedrag sien (hulle persepsie daarvan). Want hoe u hierdie gedrag sien, sal bepaal hoe u dit hanteer en beleef. In latere studies beoog ek om hierdie inligting te gebruik om as basis te dien vir die saamstel van 'n program om ouers in te lig oor regressiewe gedrag en hoe om dit te hanteer.

**Indien u wel sou instem om deel van hierdie studie te wees, is die volgende op u van toepassing:**

Geen name of persoonlike besonderhede gaan geneem word nie.

Die fokusgroepbespreking gaan op 'n redelik informele basis geskied. Ek as navorser gaan sekere vrae stel of stellings maak en die lede van die fokusgroep gaan dit bloot bespreek soos in 'n alledaagse gesprek. Dis belangrik dat u onthou dat niemand se kennis getoets gaan word nie en dat daar nie regte en verkeerde antwoord is nie. Ek wil weet hoe verskillend ouers regressiewe gedrag sien en beleef.

Die inligting wat verkry gaan word, sal met die nodige integriteit behandel word en niemand sal daartoe toegang hê behalwe die navorser self nie.

U kan ter enige tyd van die studie onttrek sonder verduideliking.

Die bevindinge van die navorsing gaan bekend gemaak word in 'n verhandeling van beperkte omvang.

Ek dank u by voorbaat vir u samewerking in die verband.

Die Navorser

Jacolene du Plooy (kontaknommer 083 556 4291)

Vul asb die volgende in, indien u deel van die studie wil wees.

Hiermee stem ek.....in om deel te neem aan die fokusgroep soos verduidelik in hierdie brief. Ek gee ook hiermee aan die navorser toestemming om my deelname aan die gesprek tydens die fokusgroep op band/video te neem en dit te gebruik in haar navorsing. Ek verstaan regte soos aangedui in hierdie brief.

Ek het 'n kleuter/s van die ouderdom.....

Ek verstaan wat regressiewe gedrag is en het al regressiewe gedrag by my kleuter opgemerk. Ja.....Nee.....

Geteken (Datum).....(Plek).....

Kontaktelefoonnummer/s.....

E-posadres.....

Handtekening van ouer:.....

Let wel: slegs een ouer moet die fokusgroep bywoon (ma of pa).

Besonderhede oor die datums en plek sal verskaf word sodra daar genoeg ouers vir die fokusgroep is.

Baie dankie

Jacolene du Plooy